


# VWB

*Vrye Weekblad Boeke/Books*

*Somer/Summer 1990*



**John Miles**



# RIMBAUD: FOREPLAY

## I. GESOG

Swart streep  
pet naat.  
Blink sweep  
wil praat.

Leer reep  
op maat.  
Oog leep  
moer kwaad.

Punt sleep,  
kies keep,  
vog vraat.

Tong dweep,  
staatsgreep,  
skiet saad.

## II. KLEIN VARXSIG

Hoedsy  
Godsgrou.  
Ryp vy  
weerhou.

Swartpy  
oopvou.  
In gly  
Rimbaud.

Tong vou,  
proe kou,  
blou vy.

Weerhou,  
dy gou,  
en spre.

## III. NOW YOU'RE TALKING


"Super shine  
nourishes protects.  
French-style mammoth spears  
yours for a day.

Our widest range of New more Gentle styles  
to ensure greater wearability.  
Don't prick  
you can reap dividends here.

Serving suggestion:  
Self-service,  
medium, medium-high

better safe than sorry:  
Embrace technology,  
join the savings drive."

## IV. GLOW WORM



- HENDRIK VAN BLERK

# bra billy balansky se legacy (vir my broer Pal in exile)

way-back, so 'n paar jare gelede  
wat geskop het by die almanak  
toe wietie bra billy balansky  
van alexandra township  
my om-te-sê:

jy notch my laaitie in die lewe  
moet jy riet-section het om te survive  
jy notch mos jou self, as ek  
in die court voor die margie verskyn  
is daar drama en suspense  
terwyl ek wietie in my eie defence  
en daai tyd is die court propvol cheap-line  
tsotsis en loafers wat tips van  
my riet-section wil kry.

want hulle notch ek is brilliant  
as ek nie 'n professional criminal gewees het  
dan sou ek 'n successful lawyer gewees het.

anyway, wat is riet-section?  
riet-section is gedagte  
en wat is gedagte?  
gedagte is psychology  
en real psycho is logic  
en logic is correct reasoning  
en correct reasoning is 'n branch van philosophy  
en philosophy is the love of wisdom  
en die boere noem dit wysbegeerte  
en ek noem dit sielkunde

ek slaat jou nou mal nè!  
moenie kop staan nie, ek is nie  
'n product van Verwoerd se bantu education  
ek is 'n product van die royal readers  
my laaitie  
daai meen-om-te-sê  
i have dipped my tongue  
in the queen's english!

maar wat is die essence  
van riet-section?  
riet-section is 'n art my laaitie  
luister mooi  
the good lord gave us  
one tongue and two ears  
so that we might speak less  
and listen more -  
jy notch mos?

anyway, ek meen-om-te-sê  
for example  
as jy 'n mooi ousie notch en jy reken  
'obviously this is what my heart desires'  
dan moet jy haar mal slaan  
met riet-section soos:  
'for you my dear, i'll kill a wild bull  
bare-handed and drink its blood!  
en as sy reply om te sê:  
'oh! what a ghastly idea'  
dan wietie jy met 'n rejoinder  
om te sê:  
'it's only a figure of speech my dear!'

mal met haar!  
it's the door that squeaks  
that gets the grease -  
with a sweet twist of the tongue  
en dan line ek op cloud nine  
met haar

ek meen-om-te-sê my laaitie

kyk my mooi  
ek is riet-section personified  
wie anders ken jy hier in alex  
wat mense electric blankets en heaters in die  
somer verkoop -  
en jy ken mos, ons het nie eers electricity  
in township nie!  
daai is nou mal psycho -  
i can sell dust to a snake!

dié is joburg my laaitie  
e goli : heaven on earth  
a paradise for the crooked, rich and strong  
and hell for the weak poor and foolish

word sharp my laaitie  
the only gentlemen and ladies  
i have met here, were signs on toilet doors -  
the rest of us are soulless  
two legged sharks

jy speel jy  
the only time i go to church  
is when i am broke:  
collection-tyd donate ek  
'n vas two rand  
en terwyl ek amen sê  
haal ek six rand  
se change uit!  
there are many crooked ways to hell  
anyway - i would be lonely in heaven  
al my bras gaan mos hell toel

anyway, ons wietie nog van riet-section  
meaning in life:  
Socrates was 'n slim spy  
sy kop was bles van psycho  
maar hy het kaalvoet rond geloop  
soos 'n moegoe -  
he could hardly afford a pair  
of cheap sandals  
let alone a pair of genuine  
alligator skin floresheims  
like these i wear

so notch my laaitie  
take the advice of a fool  
apply riet-section  
even tot as jy gemang is vir  
loaferskap or section six of the  
internal security act -  
maar dan moet jy jou storie goed ken  
want die boere gaan jou moer papa

but even so  
riet-section is soos 'n skelm-key  
it works everywhere  
stroes my ma hoor my!  
mutatis mutandis!

jy smile nè, want jy dink  
ek wietie nou in Zulu  
nee, ek wietie nou Latin my laaitie  
mutatis mutandis meen eintlik om-te-sê:  
met die nodige veranderinge  
with the necessary alterations

ek meen om-te-sê my laaitie  
jy moet 'n linguist wees  
because life is soos 'n see-saw  
it is a process of rapid change  
with progression alternating with regression

jy moet jou balance hou  
soos 'n staffrider

want die is die lewe my laaitie  
sometimes you are up  
and sometimes you are down -  
maar as jy 'n moegoe is  
then you will always be down!

maar soos ek jou nog wietie ou beau  
life is a hell of a conundrum -  
daai is 'n lekker jaw-breaker nè  
ja, life is a hell of a conundrum:  
sometimes you will be able to  
drink enough liquor to drown a sailor  
and at other times  
you won't even get enough  
to drown a flea!

ek wietie nou pure dialectics, my laaitie  
as ek jou howl van 'the unity and  
interpenetration of opposites'  
en 'the negation of negation...'

jou ma complain altyd om-te-sê  
ek het verbal diarrhoea  
en klomp snaakse stories  
en ek is 'n bad influence op haar kinders  
but she fails to appreciate my virtue  
i am a good example  
of a bad example!

anyway  
the dividing line between

good and evil  
genius and madness  
is baie dun my laaitie  
and the same applies  
to politics and philosophy  
want hulle sum total  
gee ons meaning in life

jy lag  
want jy dink ek is befok  
maar my riet-section  
slaat jou nou lekker mal nè!  
who is fooling who?

riet-section  
psycho  
or call it what you like  
is die brood van die lewe, my laaitie  
gebruik dit wisely  
want ek soek nie moegoes langs my

jy notch mos ou beau  
of hoe sê ek?

notch - kyk; sien; verstaan  
wietie - praat; vertel  
margie - magistraat; landdros  
gemang - vasgehou; in hegtenis gehou  
stroes - so waar soos padda manel dra  
howl - vertel  
floresheims - die naam van duur ingevoerde  
Amerikaanse egte leerskoene

- DIKOBÉ WA MOGALE

## Meneer Tyd

Brandende bande in die Suide.  
Sporadiese vulkaniese uitbarstings.  
Warm bergasem bring weerlig in die Noorde.  
Kriekie vleg hegte mandjies met riviergeluide.

Dun membrane van tyd  
tussen ons en die ysige sterre.  
Daar's iets op die agterste sitplek -  
noem dit mev Ewigheid.

Die koningin verskyn aan die sy  
van Manu Dibangu op 'n party  
in Aloko... Bayam selam, bayam selam.  
Sy vertrek na Londen.  
Drie skerpioene staan op 'n ry.

Egoli is 'n bynes.  
Haar heuning lyk soos vlamme.  
Sy't 'n hart van goud

en ken die regte mense?  
Die oorlewing van die slimste of die flukste,  
die mooiste, die snaakste of die fiksste.

Foto op Cape Times-voorblad van die Noorse  
model  
en opstandige tier in die Jaar van die Tier:  
Skoonheid en die dier.  
Klankbaan met Munch-kreet.  
Sy regtervoerpoot op haar linkerbors.  
Bevrore argetipe.  
Die model adverteer 'n bikini.  
Perfekte advertensie.  
Murmélende fontein die agtergrond.

\* "Bayem selam" is 'n liedjie van Manu  
Dibangu


- PIERRE TERBLANCHE

## VWB

Vrye Weekblad Boeke/Books verskyn kwartaalliks en staan onder  
redaksie van Koos Prinsloo en Ryk Hattingh.  
Die tegniese versorging word behartig deur Esma Anderson en  
Andrea Vinassa.  
Stuur alle bydraes tesame met 'n gefrankeerde kovert aan: Die  
Redakteurs, VWB, Posbus 177, Newtown 2113

# Die trauma van 'n terreurbewind

Moeders  
en  
kinders  
moes  
weer  
leer om  
te huil



## CHILE

*Death in the South*  
Deur Jacobo Timerman  
Picador (R19,95)

MAX DU PREEZ

CHILI was jare lank een van die min lande met wie Suid-Afrika goeie diplomatieke betrekkinge gehad het. Heelwat offisiere van die Suid-Afrikaanse veiligheidsmagte is daar opgelei en 'n paar bekende senior offisiere is deur dié Suid-Amerikaanse staat as militêre attachés aangestel. Dit was bekend dat John Vorster en genl Augusto Pinochet mekaar bewonder het. (PW Botha tien teen een ook.)

Lees 'n mens Timerman se ontstellende boek, dan begin jy 'n sterk vermoede kry oor waar dié affiniteit vandaan kom.

"Death in the South" is die verhaal van 'n eens trotse, demokratiese nasie wat onder die hakskeen van 'n geniale maniak beland het. Pinochet se skrikbewind het in 1973 begin ná die omverwerping van Salvador Allende. Pinochet het die militêr beter verstaan as enigemand anders en deur sy weermag 'n eksklusiewe, afsonderlike gemeenskap binne Chili te maak, het hy daarin geslaag om homself anderhalf dekade lank die onaantasbare alleenheerser van dié land te maak.

In dié tyd is die mense van Chili só deeglik gebrutaliseer dat die wonde nou nog nie heeltemal herstel het nie: politieke moorde, verdwynings, marteling, aanhouding sonder verhoor, sensuur... Begin dit bekend klink?

Timerman, wat self in 1977 deur die militêre regime van Argentinië aangehou en gemartel is, vertel die verhaal van Chili met groot deernis en 'n intieme kennis van die land se mense. Die boek is op sy eie navorsing en wye gesprekke met Chilene gegrond en aan die einde van elke hoofstuk is daar aanhalings uit die werklike getuienis van slagoffers van die weermag se marteling.

Die invloed wat wrede en outoritêre regimes op die psiges van nasies het en die langtermyn-trauma wat dit veroorsaak, is 'n belangrike veld van ondersoek in die huidige tyd waar só baie lande 'n proses van demokratisering ondergaan: Hongarye, Argentinië, Tsjeggo-Slowakye, die Sowjet-Unie, Albanië, talle Afrika-state en, natuurlik, ons eie dierbare landjie.

"Death in the South" bied hieroor belangrike leesstof. Natuurlik is die situasie daar en hier by ons nie heeltemal vergelykbaar nie. Ons het minstens nog 'n soort demokrasie vir witmense gehad en die "militêre regering" wat ons via die Staatsveiligheidsraad gehad het, het minstens 'n burgerlike front gehad en die onderdrukking 'n ander ideologiese onderbou.

Maar ons swart bevolking, vermoed ek, gaan nie veel verskille sien tussen die regimes van Verwoerd, Vorster en selfs Botha en dié van Pinochet nie.

Timerman haal 'n wetenskaplike van die Universiteit van Chili aan wat sê: "What changed in Chile? We have lost the capacity to feel the suffering of our neighbour as if it were our own. We are not moved by the suffering of another person. Perhaps not even moved by our own suffering. Chileans no longer feel anything."

Timerman sê die Chilene het soos slaapwandelaars geword - "submarining", word dit daar genoem. "Submarining has taken the place of the spontaneity once so characteristic of Chileans," sê hy.

Die verhaal van die mense van Calama, so



Augusto Pinochet

(Foto: AP)

'n duisend myl van Santiago, is veral een wat 'n mens hard slaan.

In Oktober 1973 het 'n helikopter by Calama geland. 'n Generaal en sy offisiere het uitgeklim en 26 mans van die nedersetting is doodgeskiet. Hulle is daarna na die huise van die vermoordes om die vroue te dreig dat as hulle ooit daaroor sou praat, hul kinders doodgeskiet sou word.

Dié vroue, nou bekend as die Vroue van Calama, het nooit gevra wat presies met hul mans gebeur het nie. Die meeste van die mans was nooit by die politiek betrokke nie. Van die vroue het vir hul kinders gesê hul vaders is weg op soek na werk.

Die vroue het niks geweet van menseregte-organisasies nie en het nie geweet om te protesteer nie. Hulle het gereeld in die kerk gaan bid, maar nooit vir die priester gesê wat gebeur het nie.

Die eerste keer dat die buitewêreld van dié moorde van Calama te hore gekom het, was jare later toe 'n psigiater een van die vroue by 'n kliniek behandel het vir 'n senu-toestand. Stadig het die erns van die probleem ontvou.

In die daaropvolgende maande en jare het die psigiaters die gevolge van dié soort ervaring blootgelê. Die meeste pasiënte soos dié vrou het gely aan neerslagtigheid, angstigheid, slaaploosheid, nagmerries, verminderde intellektuele vermoëns, seksuele probleme, veranderinge in gesins- en emosionele verhoudings, apatie, koudheid, belangeloosheid en geheueverlies. By die Vroue van Calama veral was daar 'n onopgeloste staat van rou en 'n vrees van nog soortgelyke terreur.

Die weduwees van Calama is die een na die ander opgespoor en gesamentlik en afsonderlik aan terapie onderwerp. Wantroue moes oorkom word en veiligheid moes gewaarborg word. Die waarheid moes met die kinders gedeel word. Die ritueel van rou - wat begin met die aanvaarding van die dood, hoe dit gebeur het

*'I have attempted to console Chileans by telling them that in Argentina it was much more terrible. In Argentina, some twenty thousand vanished out of a population of 32 million; in Chile, there are seven hundred missing out of 11 million. But the pain caused by the wound of a disappearance cannot be measured in numbers'*

en die herlewing van die pyn daarvan - moes plaasvind.

Die gesinseenheid moes herkonstrueer word. Moeders was bitter jeens kinders omdat hulle moes stil bly juis om die kinders se lewens te red; en kinders was bitter omdat daar vir hulle gelief is oor wat met hul vaders gebeur het.

Moeders en kinders moes geleer word om weer te kan huil, want vir só lank moes hulle alle emosie opkrop en wegsteek.

Die onderdrukking in Chili het sielkundige skade aan groot dele van die bevolking aangerig, en psigiaters het besef dat kollektiewe behandeling noodsaaklik was. Timerman verduidelik dit só: "It can be done by providing information about what has happened, by explaining it and, in this way, alleviating the entire population from the damaging consequences of a massa trauma.

"The trauma is characterised by two psychic disorders. First is the negation of actual experience, which leads to difficulty in evaluating everyday events because of a 'black hole' in the memory. Then there is the sense of guilt felt by those who have survived."

Timerman gesels aan die einde van die boek met Carmen Hertz, 'n prokureur wie se man deur die regime vermoor is. En wat sy sê is myns insiens waar vir elke gemeenskap met 'n soortgelyke ervaring, en dit sluit Suid-Afrika in:

"Chilean society can be reconstituted morally only if there is a collective act of conscience over the horror of these years. When I say it must be collective, I mean that each and every one of the violations of human rights must be known by each and everyone in Chile."

Timerman gaan ook in diepte in op die effek van Pinochet se onderdrukking op die kultuur en die intellektuele lewe van Chili, asook op die rol wat die kerk gespeel het.

Waarvoor anders word die geskiedenis opgeskryf as dat ons daaruit leer?

Max du Preez is die redakteur van Vrye Weekblad

# Ecotage - a last stand in defence of the natural world

## GREEN RAGE

Radical environmentalism and the unmaking of civilisation  
By Christopher Manes  
Little, Brown & Co (Ongeveer R80,00 hardeband)

## STANLEY FRIELICK

THE recent "attack" on a Namibian tourist board exhibit by Vivian van der Sandt (ex Earthlife Africa) was effective only to the extent that it provoked reactions which show the ideological antagonisms existing within and between local environmental organisations. But there is a deeper and more symbolic significance in van der Sandt's 'bombing', which is visible from the perspective of radical environmentalism.

The act of hurling a bag of dog testicles at a tourism official would be appreciated by the "ecoteurs" of Earth First!, a group of American green activists who have as their motto: "No compromise in defence of Mother Earth." Earth First!ers put this into practice by engaging in ecological civil disobedience and acts of "ecotage" such as destroying logging equipment and spiking trees in order to prevent deforestation. Their methods are controversial, but are swiftly becoming a major feature of the landscape of environmental politics around the globe.

In "Green Rage", Christopher Manes gives both a solid defence of the principles of radical environmentalism. The book is also a powerful critique of the inability of other environmental groupings to come to terms with the underlying causes of ecological crisis. Other recent books, like Bill McKibben's "The End of Nature" (Penguin) or John Seymour's "The Ultimate Heresy" (Green Books), have gestured towards the issues raised by Manes, but his is the most coherent articulation of an idea that has shattering implications for long-cherished illusions of humankind's role on earth.

"The significance of radical environmentalism does not lie in some jaundiced history of environmental philosophy, nor in the dark urge for political power. Rather, it is based on one simple but frightening realisation: that our culture is lethal to the ecology that it depends on and has been so for a long time, perhaps from the beginning." (p 22)

The culture that Manes speaks of is widespread. It is the culture of extinction,

avidly pursuing short-term affluence at the cost of impoverishing nature. Its engine runs on the oil of expansion, domination, competition and exploitation, and its anthropic arrogance has invoked the threat of ecological collapse. A deepfelt urge to stop the machine of destruction is at the heart of radical environmentalism.

There are many powerful interests behind the planned evolution of an authoritarian society dominated by ecological elites. As the biological web which sustains life disintegrates under the all-consuming drive towards a consumer technoparadise, so will access to clean water, fresh air, wild spaces and natural products become the index of privilege and power. The thrust of radical environmentalism is to resist the ecocidal forces of the regime of technological society.

"We are living in a time of rage - humanitarian rage against impoverishment, famine, wars; political rage against right-wing death squads, oppressive bureaucracies, military occupations; economic rage against the marginalization of the underclass and the monolithic power of multinational corporations. And there is a growing green rage against the destruction of the Earth and its breathtaking profusion of life." (p 248)

But the book is not a shallow or emotive rave against the tyranny of technology. "Green Rage" is a deep analysis of the power relations inherent in hu-man's control of nature. The economic, political and legal causes of ecological collapse are realities that need to be confronted in any discussion of "the environment". The strategy of the "ecology of confrontation" practised by Earth First! is based on this kind of analysis. And Manes' active role in Earth First! adds subjective weight to an informed philosophical defence of the movement's aims and motives.

Any movement whose formation was largely inspired by a novel needs some historical

explanation. Earth First! was started in 1980 by a group of environmentalists who - besides their disgust at the lack of vision in the broad environmental movement - shared an admiration for the characters in Edward Abbey's novel "The Monkey Wrench Gang". The fictional monkeywrenchers (the only effective weapon in stopping a bulldozer) are a group of rebels who scoff at the bureaucratic tactics of conservationists. The founders of Earth First! identified deeply, and like their literary mentors turned to ecotage as a last stand in defence of the natural world.

Manes weaves the history of Earth First! around a tightly argued and wide-ranging investigation into the roots of ecological crisis. Concepts such as "biological meltdown" (the exponentially increasing rate of species extinction), the arrogance of humanism, and the inherent unsustainability of technological culture are discussed within a "whole ecosystem approach" that provides a new way of framing the environmental issue. The practice of ecotage and the underlying motives of radical environmentalists are justifiable within the philosophy of "Deep Ecology", and "Green Rage" is ultimately a description of this philosophy in action.

"Deep Ecology is an ongoing attempt to find the voice to articulate the language appropriate for a time of environmental crisis. Its vigor has come, not from trying to evince ultimate truths, but in providing a forum in which people can express their deep personal concerns about the death of nature - a forum not found in the mainstream environmental movement or the ideologies of the right and left." (p 149)

"Green Rage" is not light reading. The often compressed arguments familiarity with basic ecological principles and green issues that the writer often takes for granted. This might be problematic in South Africa, where environmentalists are often concerned with a

simplistic identification of apartheid as the root of ecological evil. There is also a growing cooption of environmentalism by corporate and power-political interests. Although necessarily concerned with 'first world' problems, "Green Rage" challenges environmentally-minded South Africans to go beyond these tendencies.

The era of resistance culture in South Africa was characterised by an overemphasis on the surface symbols of oppression and the sloganised certainty of victory by the oppressed. A similar shallow dichotomy is emerging in local environmental debates. A new political dispensation is an obvious priority, but the ecological crisis will not be solved by a change of government, investment in "green" business, or the mobilisation of donga-packers.

But perhaps ecological problems are insoluble, and civilisation is on the brink of "suicide through ecocide". Manes leaves the reader with a stark choice. The take-over and total destruction of nature by technology might be irreversible. We can either meekly submit to the culture of extinction, or resist by pursuing a path of ecological modesty and active defence of what remains of the primal wilderness we were born into as a species.

"Perhaps the most important and lasting legacy of radical environmentalism is that it has raised the possibility that there is another path for humanity besides the ecological imperialism of civilisation and the destruction that it brings. We do not have to be the masters of the Earth, the paragons of animals, the demigods of evolution. We can, if we are smart, simply dwell here, along with all the other beautiful, terrible, and fascinating forms of life that fill the world with their constant evolving. We can for the first time in ten thousand years at least try to make ourselves feel at home." (p 241)

Stanley Frielick is a lecturer at Wits

**Education is Ours - Working in the EWE study programme.**  
The change and the pain of change in our education crisis is vividly portrayed.

**Blame me on History**  
Bloke Modisane. The autobiography of William 'Bloke' Modisane who lived in Sophiatown and later settled in West Germany.

**Black as I Am**  
Zindi Mandela.  
The trauma of separation from parents and persecution by the State for political beliefs and actions.

IDEAS & CO 30590

**Johnny Gomas: Voice of the Working Class.**  
Doreen Musson brings one of the first revolutionary fighters back to life in this political autobiography as a voice that must be heard.

**Freedom from Below - The Struggle for Trade Unions in South Africa**  
The struggle to organise trade unions - from the earliest forms of worker resistance in the 1800's to the large industrial trade unions today.

**Preparing for Power - Oliver Tambo Speaks**  
Foreword by Nelson Mandela. A comprehensive view of ANC policy.

**Time for Murder.**  
Wilfred Levitt. A whodunnit of the highest order.

**Yours for the Union**  
Baruch Hirson. A major new history of the black working class in South Africa.

**Protecting Human Rights in a New South Africa.**  
Albie Sachs. Personal reflections on how the rights and freedoms of all South Africans can be guaranteed in a new constitution.

**The Drum Decade**  
Edited by Michael Chapman. More than 90 true-to-life stories that appeared in Drum during the 50's.

**No Easy Ride**  
Colleen McCaul. The only major piece of research into the black taxi industry and the socio-economic and political issues which surround it.

**Strikes have followed me all my life**  
Erma Mashini. A tribute to the role of women in the trade union movement.

**All One Horse**  
Breyten Breytenbach. 27 fictions and images accompanied by 27 water colours. Thought provoking with vivid imagery.

# BOOK NOW

## For the New South Africa at

CNA, in conjunction with the Independent Publishers Association of South Africa, has expanded their range of books at select stores to include a whole new series of subjects, both fiction and non fiction. The books on this page are an extract from this range.

First with the goodies

CNA



# Ons hart is onrustig in die Goudstad...

## ST AUGUSTINE'S CONFESSIONS AND CITY OF GOD

Deur Martin Versfeld  
The Carrefour Press (R21,99,  
maar R24,50 by Exclusive  
Books!)


## MARLENE VAN NIEKERK

MARTHINUS VERSFELD se boek oor Augustinus dien as troos en stigting vir elke "vermoede" en "belaste" mensekind wat hom/haarself min of meer "medepligtig" aan hierdie tydsgewrig in 'n grootstad bevind. Dit is 'n "kommentaar", in die volste sin van die woord, oordie kerkvader se "Confessiones" (belydenisse) en sy "De Civitate Dei" (Godstad). Ek sê "'kommentaar" in die volste sin van die woord" omdat die tyd, meer as ooit nou ry is vir 'n meditasie soos hierdie hier ter plaatse. Dit verskaf naamlik 'n vrugbare (=hoogs "ontginbare") perspektief op 'n periode wat myns insiens nogal ingrypend geteken word deur "die gees van splyting" - dit is die (ver-)oordeelende, kategoriserende, organiserende, instrumentalisierende, jargonproduserende en mags- en winsbeluste ego's van die politieke en ekonomiese arena. Die verskyning van die boek op dié tydskop bevestig die woorde van Hölderlin dat daar waar gevaar dreig, die redding eweseer naby is.

Dit is voorts 'n boek wat via 'n besinning op Augustinus, ook vir my voel na die versamelde en gesintetiseerde lewenswysheid van iemand wat 'n begaafde "meester" is, nie net van kerkvaderlike denke en dwalinge nie (vergeelyk die hoofstuk oor Augustinus se verleiding tot die Manicheïstiese dualisme, (p 62); nie net van die raak- en wrywingspunte tussen die klassieke, die Oosterse en die Joods-Christelike tradisies nie (vergeelyk die bespreking van Plato se Republiek, p 33, en die deurgaanse verwysings na Zen-Boeddhistiese); nie net van illustratiewe en assosiatiewe verbandlegging tussen die "monumente" van ons wêreld se kulture nie (vergeelyk die verwysing na Goya hieronder); maar bowenal ook van iemand wat 'n meester is van die woordkuns. Dit wemel naamlik van forellitsende metafore en van aforistiese en paradoksale spitsvondighede ("The sensualist and the Puritan are brothers. You go to bed as the one and you wake up as the other..." p 17, en "Wars are born of abstractions and the passions we attach to them, and there is a connection between sin and abstract generalisation." p 80).

Op elke bladsy bly 'n mens sit met 'n glimlag van verrassing, herkenning of waardering. Retories gesien is dit van 'n styl en 'n grasia wat 'n mens maar selde teëkom in dié geweste, en dit verdien, ten voete uit die FINIS wat in triomfantelike swart letters die einde van die boek op die laaste bladsy as vóleindiging aankondig.

Dit is 'n rónde boek dié, vólrond soos 'n Bach-fuga waarvan die hooftema wat aanvanklik geponeer word, allengs ontwikkel en verwickel word, om uiteindelik in die laaste, van insig deurdrenkte mate hêr-stel te word. Soos (verskoon my!) die oorspronklik geelbengelende kweper



(Foto: Ryk Hattingh)

## Marthinus Versfeld

hêr-stel/ver-heerlik word in 'n fles ordentlik deursigtige rosig-ambere gelei. En die saligheid duur tot in die na-smaak!!

Versfeld se openingsakkoorde antisipeer reeds die veronderstelde bedenkinge ten opsigte van só 'n boek van byvoorbeeld "wetenskaplike" Marxiste en "pragmatiese" kapitaliste van ons groot en droewe stede. Hy skryf: "The reason for this book is the relevance to us of Augustine's life, thought and political situation. His soul was dying: so is ours. His Rome was collapsing: so is ours. His soul rose again, and of the ruins of Rome he made the foundations of the City of God." (p 7)

Hierop volg dan 'n wysgerige verhaal oor transformasie, oor die voorwaardes (geestelik, seksueel, sosio-polities, geregtelik en ekonomies - vergeelyk veral die verwysings na Schumacher se "Small is Beautiful" op p 118!) wat Augustinus ondersoek vir verandering in die rigting van die uitbreiding van die Godstad en wel in die hart van die "Civitas Terrena", die aardse grootstad. Let wel dat dié Godstad nie 'n abstrakte utopie is nie en dat dit ook nie die mure-van-jaspis-en-strate-van-goud van die geopenbaarde Nuwe Jerusalem betref nie. Dit is eerder 'n projeksie of kontemplasie ("ontwerp", sou Heidegger sê!) van hoe die saligheid in stedelike (lees "kommunale") verband, konkreet en regverdigbaar benáder (lees "approximated") kan word. Die Godstad is niks anders nie as die "gemeenskap van gelowiges" tussen wolkekrabbers en in spitsverkeer.

In die lig van ons eie kwalike geskiedenis van "verstedeliking" en in die lig van 'n jammerlike gebrek aan ruimte (in stede van koerante moet ons kolomme parke vind!), sal ek dus net 'n enkele draadjie vir u op 'n vat-hier-los-daar-manier kan uitryg. Want, en dit moet 'n mens bysê: by al sy lekkerleeskwalityteite voldoen Versfeld se "kommentaar" op Augustinus aan laasgenoemde se eie vereistes vir 'n goeie boek: die ander groot Augustinus-biograaf, Peter Brown, haal die kerkvader aan waar hy stel dat 'n goeie boek "n reeks moeilike knope moet bevat" (Brown 1967: p 279).

In die hoofstuk 'Peace and Order' (p 111) (wat as 'n vollediger

uitwerking van die hoofstuk 'On Angels and Politics' (p 46) gesien kan word, analiseer Versfeld Augustinus se opvatting van die goeie orde: die orde van Gods skepping wat oor aardse en hemelse tye en ruimtes heen strek) en daarteenoor die "stedelike" orde van die mens. Hy beklemtoon Augustinus se visie van die "ordelike" interafhanklikheid van alle dinge: "The universe is like a spiders' web jewelled with dew drops, each of which reflects and reflects the other" (p 111). Hy verbind hierdie idee aan die Chinese nosie van "the mutual arising of all things" (wat mens ook nog verder sou kon verbind aan die Jungiaanse idee van sinchronisiteit), en stel dat "all occurrences are concurrences" as 'n korreksie op die Westerse denkgewoonte wat dinge in terme van kunstmatig geïsoleerde linieër-kousale kettings sien. (Byvoorbeeld my teoloogvriend, emeritus van Stellenbosch wat Peter Brown vir my aanbeveel het, ry nie sommer op 'n dag agter in 'n onbekende Transvaalse vrou se kar vas omdat hy moeg en warm is van 'n pasafgelope tenniswedstryd nie, maar "omdat" hy haar daardie selfde aand by sy kinders aan huis as my vriendin ontmoet en omdat dit sy is wat dan vertel van 'n verblyf by 'n klooster in die hart van Parys - en wel van die orde van die Fraternités Monastiques de Jerusalem - à Saint Gervais de Paris!)

Elke "toeval" is 'n "heilige inval", is iets wat die geskiedskeppende God "te binne skiet" en daarom "saad skiet" (inkarneer) in aardse grond.

Soos die twee "ordes" verskil, so verskil ook die twee daarmeegepaardgaande "vredes". In Augustinus se tyd sou 'n mens kon sê dat dit die "immensa Romanae pacis majestas" is, teenoor die "Pax tranquillitas ordinis" - die oorlogdeurwrogte vrede van die Romeinse Ryk teenoor die sereniteit van die Goddelike skeppingsorde.

Die Chinese maak origins 'n soortgelyke onderskeid tussen ware en kunstmatige orde, ofte wel "li" en "tse". Versfeld illustreer dit aan die hand van daardie beroemde vuurpeloton-skildery ("Die derde Mei" van Goya) en hier laat ek die skrywer aan die woord: "The soldiers pointing their muskets are automata, absolute repetitions of a pattern, while the

victims are human souls and bodies not cast in a mould, but faithful to the order of being. The soldiers exhibit 'tse', the military law, which appears to be destroying 'li', the manifestation of God in man ... Again, a Sung landscape exhibits 'li'. Its order is not the Cartesian order of Versailles but the order of nature sustained by the Void. It teaches us to see beauty in the mutual arisings of things, and to prefer the tumble at the bottom of the garden to the rows of scarlet tulips drilled like marines." (p 114)

In kort, almal wat nie 'n spinneweb kan raaksien nie omdat dit nie in brons gegiet is nie, moet dié boek lees! Dit wil sê byvoorbeeld die propageerders van "sosialistiese realisme" soos ook die erektors van taalmonument en Strijdomplein, want hulle is almal makroële van dieselfde tjökli!

En tot slot, ná die ontvangs van hierdie mostersaadje van 'n boek, hierdie fluistering van die slaperige suide, sal 'n mens nie net meer gelate


*'In quietum est cor nostrum donec requiescat in te'*

kan berus in jou medepligtigheid aan "verstedeliking" nie, maar sal diegene wat hierdie dinge reeds "ten dele" vermoed, op onnaspeurbare wyses skátpligtig word aan die beliggaming van die Augustiniaanse idee van die Godstad. Want aan die wat (gelees gekry) het, sal gegee word. Augustinus sê in die "De doctrina Christiana": "God will give more to those who use (for others) that which they have received. He will fill up and pile to the brim what he first gave ... our reflections will be multiplied at His prompting, so that, in our service of Him, we will suffer no shortage, but rather, will rejoice in a miraculous abundance of ideas." (Brown 1967: p 278).

(NS. Ook Rebecca West het 'n biografie oor Augustinus geskryf: 1933 Edinburgh University Press.)

Marlene van Niekerk is die digter van "Sprokkelster" en "Groenstaar" en doseer Afrikaans en Nederlands by Wits

## New from Ravan Press



# Kinderboeke kyk wyer

## MARITA VAN DER VYVER doen verslag oor die Kinderboekforum wat vroeër vandeemaand in Kaapstad gehou is

ALLE kinderboeke behoort aan die maatstawwe van groot kuns gemeet te word, het dr Lydia Snyman tydens die opening van die Kinderboekforum se tentoonstelling gesê - en soos gewoonlik het haar mening heelwat reaksie uitgelok.

Die kinderboek as kuns is 'n luukse terwyl duisende swart kinders in die Nuwe Suid-Afrika steeds nie 'n enkele boek besit nie, meen die mense wat oorvol swart klaskamers sonder boeke en townships sonder biblioteke ken. Dis nou meer noodsaaklik as ooit om goedkoop boeke op goedkoop papier te druk en goedkoop aan die verbruiker beskikbaar te stel. Ons praat van kwantiteit eerder as kwaliteit.

Nee, sê dr Snyman, in die nuwe SA het die gehalte van kinderboeke belangriker as ooit geword. Biblioteke het minder geld om boeke te koop, en aangesien kinderboeke altyd eerste in die slag bly wanneer die ekonomie knyp, behoort slegs die heel beste gekoop te word. En terwyl die toekoms van Afrikaans op die spel is, kan ons gerus in gedagte hou dat "niks oorleef as dit minderwaardig is nie".

Dis eintlik net 'n nuwe kinkel in 'n ou kabel. Kinderboekmense is al jare in twee kampe verdeel - die laat-hulle-lees-wat-hulle-wil-solank-hulle-lees-kamp en die net-die-beste-is-goed-genoeg-vir-die-jeug-kamp. En die verskil sal nie oornag opgelos word nie, Nuwe SA of te not.

Maar hoe goed is die beste boeke wat in 1990 uitgegee is? Wat is die onderwerpe en hoe lyk die illustrasies? En die belangrikste, wat kan jy kies as jy vir jou kind 'n boek persent wil gee?

Onder die beste boeke van die jaar is 'n paar pragtige prentboeke waarin elke woord en elke illustrasie mekaar volmaak aanvul. Rona Rupert se teks vir "Mamma, ek gaan ry/Mama, I'm going riding" (Human en Rousseau) is 'n les vir almal wat dink enigeen kan 'n kleuterboek skryf. (En daar is ongelukkig steeds mense wat so dink.) Luister net na die klank van "hy ry/ en hy ry deur die breek van 'n dag/ oor 'n sonop/ verby sononder/ dwarsdeur/ 'n nag" en "hy kry geel in die gons van die bye/ en in die skyn van die son", en kyk saam met 'n kind na Brigitte Schröder se kleurrike illustrasies.

Dieselfde illustreerder het ook van "Meneer Ribbeck van Ribbeck van die platteland" (Anansi) 'n fees vir die oog gemaak. Die verwerking van Theodor Fontane se klassieke gedig oor die ou oom wat gevra het om met 'n peer op sy kis begrawe te word - sodat die kinders van sy dorp jare ná sy dood nog pere kon pluk van die boom wat op sy graf gegroei het - stel 'n tydlose verhaal aan 'n nuwe geslag kinders bekend.


Nog 'n kleuterboek wat die "somber" onderwerp van die dood sensitief benader, is Marjorie van Heerden se "Nag, Oupa/ Good Night, Grandpa" (Human en Rousseau), wat aan Tomie de Paula se wêreldbekende "Ouma bo en Ouma onder/ Nana Upstairs and Nana Downstairs" herinner.

In die twee Songololo-boeke van die afgelope jaar, "Ashraf of Africa" en "Marshmallows, Monsters and Mice", word treffende tekste deur uitbundige, vreugdevolle illustrasies aangevul. Dié jong uitgewers verdien weer eens lof vir waagmoed in die keuse van onderwerpe en kunstenaars - die drie hiephiep-hoera's vir Human en Rousseau wat albei boeke dadelik in Afrikaans uitgegee het.

"Ashraf van Afrika" woon nie in 'n Afrika van kaal vlaktes en kwaai leeus nie; nee, Ashraf se Afrika is die motors en mense en winkels van Kaapstad en die Bo-Kaap, en natuurlik die homp van Tafelberg wat deur die kunstenaars Nicolaas Maritz as 'n surrealistiese rooi wonderwerk voorgestel word. En van surrealisme gepraat, Tertia Kleinhans se illustrasies vir "Malvalekkers, monsters en muise" pronk met vlieënde visse, opwenmuise en selfs 'n vlieënde kat.

Dit was waarskynlik, soos Jay Heale beweer, 'n beter jaar vir illustreerders as vir skrywers. 'n Paar doodgewone stories word deur buitengewone illustrasies in onthouboeke verander, soos "Mondi die fluitspeler/Mondi the Music Maker" (Garamond) waar 'n teks wat soms lomp en langdradig kan wees, deur Ian Lusted se verbeeldingryke verwerk opgekikker word. Verdere voorbeelde is "Die boom wat wou loop/ The Wishful Walnut" (Haum-Literêr) met Alida Bothma se sprankelende illustrasies wat 'n minder sprankelende storie deur Elsabé Steenberg verlig, asook "Manne wat omkyk/ Looking Back" (Daan Retief), 'n saaiëre storie oor die Groot Trek (ja, skrywers skryf steeds oor die Groot Trek) waarna niemand twee keer sou kyk sonder Friedel Eloff se sorgvuldige tekenwerk nie.

Daan Retief het met een van die spogboeke



van die jaar vorendag gekom. In "The Pied Piper of Hamelin/ Die rottevanger van Hamelin" met Cora Coetzee haarself as illustreerder, terwyl Jay Heale en Pieter W Grobbelaar se Engelse en Afrikaanse verwerking en beryming van Robert Browning se beroemde gedig die legende lewendig maak vir kleuters en jong lesers. Terselfdertyd word Antjie Krog se meer woordryke verwerking, nader aan die atmosfeer van die oorspronklike, vir ouer kinders aangebied.

En van beryming gepraat, 'n jaar sonder Philip de Vos se vrolike stem in 'n kinderboek het al amper ondenkbaar geword. Benewens die vertalings waarvoor hy vanjaar verantwoordelik was, het die skepper van "Wolfgang Amadeus Muis" nou ook "Vincent van Gogga" (Tafelberg) uit sy vrugbare duim gesuig. Dankie tog dié skrywer het nog nie oorgeslaan na soet stories oor vaal karaktertjies nie (daar is genoeg ander wat hulle daarmee besig hou), want watter kind kan nou 'n karakter weerstaan soos Madame Zelda, 'n phoney fortuin-verteller wat haar toonnaels rooi verf terwyl sy haar sesde sigaret van die dag aansteek?

In die geheel gesien, word 'n paar interessante neigings deur die boeke van 1990 weerspieël. Daar is meer tradisionele Afrika-verhale as voorheen - en meer swart karakters selfs in moderne stories. En daar is beslis meer "groen stories", oor diere en die natuur, veral vir ouer kinders en tieners, wat van die groeiende omgewingsbewussyn wêreldwyd getuig.


Onder die Afrika-verhale moet Jack Cope se "Tales of a Trickster Boy/ Verhale van 'n Vabond" (Tafelberg) uitgesonder word vir tradisionele vertelstyl, byklanke en al, en die treffende etse deur die swart kunstenaar Azaria Mbatha verseker 'n pronkpublikasie. Tafelberg verdien ook 'n klop op die skouer vir Phyllis Savory se "The Little Wise One", 'n versameling verhale oor die haas, ingedeel volgens Afrika-lande van oorsprong, met vooroorde deur niemand minder nie as Alan Paton en pres Kenneth Kaunda!

## Wat sê die syfers?

VOLGENS Jay Heale (kinderboekkenner wat die reisende tentoonstelling van alle kinder- en jeugboeke wat vanjaar uitgegee is by die Kinderboekforum in Kaapstad geopen het) is daar sedert die vorige tentoonstelling aan die einde van verlede jaar 177 boeke uitgegee, waarvan 88 in Engels, 77 in Afrikaans en 'n skamele 12 in swart tale gedruk is.

Hoewel daar dus steeds hopeloos te min boeke vir swart kinders in hulle eie tale uitgegee word, is daar vanjaar meer swart hoofkarakters in Engelse én Afrikaanse boeke as ooit. Trouens, meer as die helfte van alle Engelse boeke het vanjaar swart hoofkarakters. En vroulike hoofkarakters is ook beter verteenwoordig as voorheen.

Die 88 Engelse kinderboeke wat vanjaar uitgegee is, is heelwat minder as die 135 wat in 1987 gedruk is - maar die dalende statistiek (115 Engelse kinderboeke in 1988 en net 70 in 1989) is vir die eerste keer in drie jaar omgekeer.



En dan is daar Marguerite Poland wat vir die Afrika-verhaal gedoen het wat Andersen vir die Europese sprokie gdoen het. Die stories in "Sambane's Dream" (Penguin) is haar eie skeppings, maar het almal uit die eeu-oue tradisies van volksverhale gegroei. (Die meeste is voorheen deur Ravan Press uitgegee.)

Centaur se reeks "Hidden Histories" is noemenswaardig omdat dit ware stories uit die swart geskiedenis op 'n toeganklike manier oordra. "Krotoa" en "Nonggawuse's Prophecy" is albei geskryf deur Karen Press en verbeeldingryk geïllustreer deur Jeff Rankin.

Maar ongelukkig word daar steeds boeke uitgegee soos Pieter W Grobbelaar en Lizé Groenewald se "Die gelukkigste beer" (Daan Retief). Dis nie sleg geskryf of geïllustreer nie, maar die vraag is of Suid-Afrikaanse kinders in 1990 rêrig nog 'n storie oor 'n uitheemse diere soos 'n beer nodig het, kompleet met prentjies van sneeubedekte Europese stede. Is daar nie genoeg goeie beerstories in die Europese kinderliteratuur beskikbaar nie?

Goeie dierestories vir ouer kinders sluit in Cicely van Straten se "Die swerftog van Huberta" oor Suid-Afrika se beroemdste seekoei, asook Pieter Pieterse se "Silwer 'n jakkals van die Namib", albei uitgegee deur Tafelberg. Trouens, Tafelberg toon 'n besliste neiging na "groen stories" as dit by die tienermark kom, en om een of ander rede is veral stories oor water en waterdiere vanjaar in oorvloed. Verskoon die woordspeling.

Maskew Miller se Young Africa-tienerverhale verdien weer eens vermelding omdat hulle hulle nie aan die voorskryfmark vir skole steur nie. Dis die soort stories wat tieners wil lees (nie moet lees nie) en beskryf moderne probleme. Jane Rosenthal se "Wake Up Singing" takel byvoorbeeld die netelige kwessie van weerstand teen skoolkadette en diensplig, 'n veld waaraan daar nog skaars geraak is in ons tienerliteratuur, en tog 'n werklikheid waarvoor tienerseuns tronk toe gestuur kan word.

In die algemeen dek jeugboeke 'n baie breër veld as 'n jaar of twee gelede wat net goeie nuus vir jong lesers kan wees. Soos dr Lydia Snyman gesê het, geen onderwerp behoort in kinder- of jeugboeke verbode te wees nie, op voorwaarde dat die gebeure uit die perspektief van die kind gesien word. En dat die geheel as kunswerk kwalifiseer. En dit bring ons terug by die begin van hierdie storie...

Marita van der Vyver is 'n vryskut-joernalis van Kaapstad

NUUT van IDASA  
en OXFORD UNIVERSITY PRESS

THE ELUSIVE SEARCH FOR  
PEACE

South Africa, Israel, Northern  
Ireland

R29,95 by Idasa of jou plaaslike boekwinkel.

PLUS

CROSSING BORDERS

Writers meet the ANC


R16,95 by Idasa of Taurus.

EN

Twee nuwe Occasional Papers teen R2,50  
elk van Idasa:

- \* Transforming Schools in SA
- \* Growth and Redistribution:  
Views from the ANC, PAC, NP, DP

BESTEL VANAF IDASA: Penzanceweg 1, Mowbray 7700. Tel. (021) 47-3127





**VERDRAAIDE RAAISELS**  
*Human & Rousseau (R27,99)*  
**DIE SOMBER MUSE**  
 en TACHYCARDIA  
*Jutalit (Albei R24,99)*  
 Deur Joan Hambidge

GERRIT OLIVIER

JOAN HAMBIDGE is 'n merkwaardige fenomeen - en nie net omdat sy vanjaar drie bundels gedigte gepubliseer het en nou reeds by haar twaalfde (of is dit meer?) sedert haar debuut trek nie. Sy is ook 'n literêre sisteem op haar eie, produsent aan die lopende band van 'n rubriek in Beeld, resensies en kleinsierige briewe aan die pers in reaksie op kritici. Al hoe meer, helaas, stel sy versorgdheid en deurdagtheid ondergeskik aan die vermeende behoeftes van die openbare oog, met as resultaat 'n volgehoue tweede- en derde-rangskedigheid.

Die persoon wat eendag daartoe kom om al haar voortbrengsels te bestudeer (nie 'n ondenkbare gedagte nie), sal vorendag kan kom met 'n interessante diagnose van die opkalfatering wat deesdae kenmerkend is van die Afrikaanse literatuur.

# 'n Banalisering van die liefde

Binne bogenoemde konteks is Hambidge 'n aanskoulike en dalk heel suksesvolle figuur - maar dit word 'n vraag of sy as digter nog ernstig opgeneem kan/wil word.

'n Mens voel jou min of meer oorval deur drie nuwe bundels per jaar, veral omdat hulle getuig van 'n kreeftegang beginnende met "Geslote baan". Terwyl "Verdraaide raaisels" met sy inkantering van Suid-Amerikaanse name af en toe iets fraais oplewer, sou die sluier heeltemal getrek kon word oor "Die somber muse" en "Tachycardia".

Wat het skeef geloop? Die belangrikste oorsaak van die verleentheid is dat die elementêre versorging van Hambidge se gedigte veel te wense oorlaat. Taalfoute, denkfoute, slordige interpunksie en

onnadenkende woordkeuses kom in gedig na gedig voor, en die geminagte leser mag vergewe word as hy op 'n bepaalde moment begin dink: is ek nie dalk besig om nou meer tyd aan hierdie gedig te bestee as die digter nie? Is die kool nog die sous werd?

Hambidge probeer 'n tweede Achterberg wees, 'n digter met een monomane tema, maar dit word temerig en kleurloos omdat die gedigte so onafgewerk is en omdat die dwingende patologie van Achterberg nêrens voelbaar word nie.

In hierdie bundels maak sy staat op voorspelbare klein parallelle in die strofe-opbou; die gebruikelike borduursel van literêre sitate beklemtoon slegs die prosaïese dunheid.

Hambidge se poging om elke denkbare ervaring op die eie liefdes-

teleurstelling toe te pas, lei tot valse en fasiële verbande alleen ter wille van die "groot tema". Hierdie berekendheid lewer potsierlikheid op soos die "lawaaierige orgasmes soos klappers" (want "klappers" is die lei-motief), en die volgende strofe, albei in "Verdraaide raaisels":

*In die liefde - jou liggaam 'n katedraal - loop die aardbewing van misverstand en verraad uit op vernietiging.*

Gerieflike metaforiese same-trekkings, alles een pot nat. Daar is baie sulke voorbeelde waar Hambidge se taal die wêreld opslurp - in "Verdraaide raaisels" sommer die hele Suid-Amerika, die heilige stad Machu Picchu inkluis.

Daar is ook baie gevalle waar Hambidge 'n ontstellende gebrek aan

*decorum* openbaar deur haar piteitlose toe-eiening en metaforiese misbruik van gegewens. Met *decorum* bedoel ek hier gewoon 'n gevoeligheid vir die gewig van sake, 'n respek vir wat dinge in hul eie reg beteken voordat jy hulle nivellerend binnehaal as beeldmateriaal vir jou eie problematiek.

Die ergste is die aanstootlike 'On death and dying': "Elizabeth Kübler-Ross: jy mag hierdie proses klinies verwoord;/ vir my word alles akute ervaring, dood."

In 'D'accord' lees 'n mens: "jy woed steeds deur my/ soos die Viëtnam-oorlog/ in die Amerikaanse gewete".

Met sulke gedigte is Hambidge goed op pad na die onvanpasheid en onoordeelkundigheid, om nie te sê wansmaak nie, wat kenmerkend is van die klassieke slegte digter. Ek hoop nie dis wat sy wil wees nie.

Haar jongste gedigte is nie net 'n banalisering van die woord nie; vir my is hulle ook 'n banalisering van die liefde.

Gerrit Olivier is hoogleraar in Afrikaans en Nederlands by Wits en skrywer van die essays "Ongerymdhede"

## Onthutsende kommentaar op Zoeloe en Afrikaner

**DIE DING IN DIE VUUR**  
 Deur Riana Scheepers  
 HAUM-Literêr (R23,95)

EDUAN SWANEPOEL

DAAR het deur die jare prosawerke verskyn waarin die leser van Afrikaanse tekste of met die Afrikamens of met die verhouding tussen Westering in Afrika en die Afrikamens gekonfronteer is. In bykans al dié tekste is daar probleme wat ontstaan omdat beperkte (patroniserende) visie die literêre aanbod reduseer: vanaf Venter se "Swart pelgrim", deur Brink se betrokke tekste tot by die "struggle"-tekste van byvoorbeeld Jeanette Ferreira.

Elsa Joubert se roman "Die swerfjare van Poppie Nongena" is 'n opvallende uitsondering omdat die skrywer 'n vertelstrategie gebruik wat haar toelaat om die beperkings van haar eie posisie uit te skakel ten einde eerlik en on-naïef oor die kompleksiteit van waarnemings en ervarings te vertel.

Riana Scheepers se debuutbundel vertellings, "Die ding in die vuur", staan aan die kredietkant van dié soort vertellings in ons prosa. Soos in die geval van "Poppie Nongena" slaag hierdie bundel in die eerste plek op grond van die vertelstrategie wat gebruik word. Maar daar is in dié opsig ook 'n belangrike verskil tussen die twee tekste.

Waar "Poppie Nongena" in 'n Westerse vertelvorm aangebied word, kombineer Scheepers die konvensies van die mondelinge, soms byna rituele Afrika-vertelling met dié van die Westerse post-modernisme.

Hierdie literêre akkulturasieproses, wat vir enige outeur vol potensiële slaggate sit, word hier so kundig hanteer, dat besondere eise aan die leser gestel word.

Riana Scheepers dwing haar leser uit 'n posisie van kulturele onkundigheid. In dié verband benut sy die geïmpliseerde outeur op 'n besondere manier.

Die vuur-motief, wat reeds in die titel voorkom, kan byvoorbeeld nie sonder meer vanuit 'n Westerse mitologiese raamwerk verduidelik word nie. Vuur verkry binne die breër betekenisbou in dié teks verrassende semantiese variante juis

omdat die geïmpliseerde outeur intertekstuele gegewens vanuit die Zoeloe-verteltradisie, waarin vuur 'n gestruktureerde, sentrale rol speel, integreer.

Dié verwewing van narratiewe strategieë en uiteenlopende mitologiese kom in heelwat verhale voor. Die vuur, die vis, skakerings van donker en lig, digte mis, ens kan 'n leser, gekondisioneer om vanuit Westerse betekenisvelde te lees en te interpreteer, maklik op 'n dwaalspoor plaas. Wie dié vertellings net Freudiaans of Jungiaans gaan lees, gaan die leeservaring reduseer.

Die narratiewe aanbod hier word verder verdig deur 'n besondere fyn en verwikkelde fokusiseringsproses. Soos narratiewe konvensies teenoor mekaar gestel word en uiteindelik getransformeer word tot 'n nuwe strategie van vertel, word karakters en hul waarnemings (sintuiglik, maar ook psilogies en ideologies) ook gekonfronteer en ontstaan nuwe insigte dikwels uit die waarnemings van ander met hul vreemde voorkoms, optrede en gewoontes. Sentrale onthullingsmomente word sodoende as komegewens aangebied.

"n Kind en 'n vis", die besonder sterk vertelling van 'n Zoeloesee wat gefassineer word deur die verskyning van 'n groot vis in 'n rivier, 'n vis wat uiteindelik gevang word omdat hy visvangtoerusting deur die tussentrede van 'n Afrikanerpa en sy seun bekom het, is 'n voorbeeld van wedersydse waarnemings wat tot die nuwe, onbekende en dikwels die ontstellende insig lei.

Een van dié ontstellende onthullingsmomente wat uit dié fokusiseringsproses ontstaan, kom in die verhaal 'Dom koei' voor. 'n Jong blanke student wat in 'n sending-hospitaal werk, word met die verskrikking van 'n vreemde ritueel gekonfronteer:

*Hulle sien hoe die suster met haar vingers die meisie se stukende, dikgesweld skaamlippe van mekaar probeer wegdruk. Met die vingers van haar linkerhand hou sy dit oop, en steek die skerp, dun lemme van die verpleegsterskêr êrens aan die onderkant van die vagina in. Sy knip die stukke tou waarmee die toegroeiende binnelippe vasgewerk is, versigtig los en gooi dit stukkie vir stukkie in 'n staalbakke wat by haar elmboog staan. Stukke rou*

*weefsel wat soos rowe aan die growwe tou vassit, kom ook los. Die wonde begin bloei. Die suster knip die etterende, vasgekoekte wond oop, tot bo, tot by die ronding waar die meisie se klitoris uitgesny is. Die meisie lê roerloos, dit wat tussen haar bene is, is vir ewig deur rituele kuisheid verwoes.*

Onthutsende kommentaar op beide Zoeloe- en Afrikanerkultuur.

Vir my is die groep vertellings 'Abantu o Ngye' (Die mense van Ngye) 'n hoogtepunt in dié bundel. Die saamvloei van konvensies van vertel, die saamgooi van die liriese en die gruwelike, asook die interspel van fokusse gee aan dié vertellings rondom die ontstaansgeskiedenis van die Universiteit van Zoeloeland 'n tekstuur wat selde voorheen in die Afrikaanse kortprosa voorgekom het. Dit herinner aan die geskakeerde gekomponeerdheid van Aucamp se 'Vir vier stemme' en aan die bisargruwelike Nakkie-tekste van John Miles.

Hier en daar kan 'n mens kleiner probleme in dié teks aandui. Die verhaal 'Oor die pomografie van ge-



Riana Scheepers... dwing haar leser uit 'n posisie van kulturele onkundigheid

weld in die Afrikaanse prosa: 'n outobiografiese steekproef' is byvoorbeeld dalk te slim gekonstrueer en doen uiteindelik te deursigtig gefabriseer aan. (En is dalk juis 'n hinderlike vertelling omdat die individualistiese Scheepers-stem hier 'n Prinsloo-agtigheid bykry?)

Maar dit is inderdaad kleiner probleme. Riana Scheepers se debuutbundel het soveel pluspunte dat dit as een van die beste debuutbundels in 'n lang tyd opval.

As daar ooit 'n Suid-Afrikaanse letterkunde uit 'n algemene, breë Suid-Afrikaanse identiteit gaan ontwikkel, sal dié bundel van Riana Scheepers as een van die beginpunte van so 'n tradisie aangewys kan word. Want die eerlike en oop gesprek vanuit en deur uiteenlopende kultuurlandskappe dui hier in die finale instansie nie op die eie bekende teenoor die vreemde onbekende nie, maar op die vervloeiing van alles tot 'n groter en nuwe kultuurlandskap.

Eduan Swanepoel doseer Afrikaans en Nederlands aan die Universiteit van Durban

## Belangrike nuwe kortprosa by Tafelberg deur drie belangrike jong skrywers

"'n boelende wisselwerking tussen die intellektuele ervaringswêreld en die Boerewêreld met sy anekdotes"  
 R22,95 + AVB



R24,95 + AVB  
 "'n ontdekkingstog na die verskuilde werklikheid agter die gewone gang van die lewe"

"verrassende waarnemingsvermoë, metaforiese digtheid en 'n boelende verteltegniek"

R19,95 + AVB



Indien nie by u naaste boekwinkel beskikbaar nie, skakel gerus (021) 24-1320 of (011) 792-2213

TAFELBERG, POSBUS 879, KAAPSTAD 8000

THE Z-TOWN TRILOGY  
Deur Achmat Dangor  
Ravan Press (R22,99)

VICTOR MUNNIK

'N SKERP getekende (al is dit dikwels vreugdelose)erotiek voer die leser van hierdie teks deur die troostelose township-landskap van Zombietown. In die proses word 'n dieper politiek as dié van partye en bewegings ontbloot: die spel van begeerte en mag, en die maniere wat die mens vind om ver anderkant die ideologie aan sy verskrikings te ontvlug.

So troos Muriel Meraai haarself dat sy die nuwe goewerneur van Zombietown (Paulus Samson) verlei het om haar dogter Jane uit sy kloue te red. Maar sy onthou hoe hy gekyk het toe hy in die middel van die nag wakker geword het en haar glas oog in 'n glas langs die bed gesien het.

Samson en Muriel se avontuur laat die windverwaaide, soldaatverbysterde township lag: die sell-out het die shebeen queen se seksuele droogte van tien jaar gebreek. Dit red egter nie die oudste dogter nie, want Samson neem vir Jane op 'n wittebrood (sonder troue) by 'n hotel wat in suur fabriekrook staan.

En dan sterf Samson, aan die einde van deel een, met sy broek om sy knieë in die honeysuckle nadat hy die jongste suster, Dorothy, in die veld verlei het.



Achmat Dangor

# Somber seks in Zombietown of drie erotiese reise deur 'n troostelose township

Hierdie politiek van mag en begeerte word in die tweede deel verder ontwikkel wanneer Jane, nou op staatspensioen, in die veelrassige Hillbrow gaan woon. Daar raak sy betrokke by dr Malik, geneesheer, aktivis en digter, en sy vriendekring. Hierdie tweede man se begeerte na haar moedig haar aan om haar eie gebruikte seksualiteit, en later haar eie krag te ontdek. Totdat ook sy 'n oog verloor en op soek gaan na 'n legendariese vader van koninklike afkoms.

'n Aangrypende beskrywing in hierdie deel gaan oor 'n plattelandse Moslem-meisie wat haar bevryding soek in 'n verhouding met 'n plaasarbeider wat selfmoord pleeg en haar met 'n skandbaba laat.

Die derde deel gaan oor die jongste Meraai-dogter, Dorothy, wat uiteindelik trou met die stil arbeider James en op haar beurt 'n letterlik stom kind voortbring. Dorothy vind later 'n soort bevryding in die teruggekeerde vryheidsvegter Georgie da Silva, totdat ook

hy vol bloed in haar arms sterf.

As daar in dié somber werk nie veel plek is vir die romantiese nie, is dit tog opvallend hoe die liriese, selfs die magiese, deurbreek. So val reën dae aaneen en volg begrafnisse mekaar byna onverklaarbaar op. Swerms voëls vaar Hillbrow binne terwyl talle mense uit Mosambiek vlug. Jane, getransformeer in 'n voëltjie, besoek Malik in aanhouding. 'n Byna studentikose sin vir humor flikker soms ook deur: Jane as voëltjie kak byvoorbeeld letterlik op 'n polisieman se kop.

Vrae: "Do birds dream? Do they even sleep? Or do they perch on the boughs of trees, empty bodies that rest while their millions of minds flow in the silken night, a vast stream of restful unconsciousness?" (p 88).

Dangor se "Z-Town Trilogy" is 'n werk wat deurtrek is van die politiek. Maar dit gaan nie oor die bekende konfrontasie tussen wit en swart nie, en ook nie die politiek van politieke partye nie (hoewel dit opval dat die ANC/SAKP-karakter, Pieter Kock, as baie oulik voorgestel word en die BC-karakter, Yusuf Malik, as baie simpel). Die teks ondersoek eerder die mense wat hul lewens onder 'n noodtoestand leef as begerende enkelinge.

Dit is nie 'n maklike boek om te lees nie. Die fragmentariese komposisie en skielike wisseling van perspektief en tempo stel hoë eise, wat dikwels nie funksioneel lyk nie. Tog spreek die werk van insig, gevoeligheid en sofistikasie wat juis meer aandag en sorg verdien.

Victor Munnik is die skrywer van die "Oog van die Nyl"

## Ontdek jouself dié vakansie

THIS BOY'S LIFE  
A Memoir  
Deur Tobias Wolff  
Picador (R24,99)

MARTIN STEGMAN

DIS 'n boek van herinnerings, sê Tobias Wolff in sy opdrag, en herinneringe kan 'n eie storie vertel. Die verhaal is losweg gegrond op sy ongewone kinderjare, sonder om die storie te bederf met feite.

Wolff het al baie pryse gewen vir twee kortverhaalbundels - "Hunters in the Snow" en "Back in the World" - en ook baie lof gekry vir die novelle "The Barracks Thief".

Hy kom uit die Carver-skool van min woorde en is soos die Groot Wyle vlot en ekonomies. Die jong Tobias, wat Jack genoem wou word na sy held Jack London, is saam met sy ma op soek na 'n nuwe lewe, liefde en vastigheid nadat sy pa hulle gelos het.

Naby Concrete kry ma 'n man met 'n huis en kinders: Sy kan nie besluit of sy met hom wil trou nie en stuur Tobias solank soontoe om 'n proefgesin te skep. Die jong, honger Wolff sit vasgekeer, sy stiefpa is 'n verskrikking, die huislewe is chaoties en sy skool-loopbaan 'n klug.

Nie vir 'n oomblik laat Wolff homself toe om selfbejammerend onder die maan te sit en huil nie. Hy vertel sy eie storie van 'n afstand met 'n blink sin vir humor.

'n Mens verloor jouself in hierdie boek, sukkel om hom neer te sit en is spyt as die laaste bladsy naderkom. Dis onthullend en inspirerend, 'n moeitelose stukkie selfontdekking vir dié somervakansie.

Martin Stegman is 'n vryskut-joernalis

**INSIG**  
Hieroor veg professore  
Ja, vader. Die rym neem ook  
'n hele lewe in beslag:  
Jy doen en dink,  
Jy soek na ander en jou wag  
tot 'n nuwe samesyn  
sodat hul dan presies  
bepaalde vreugdes wek of pyn.  
Jy is 'n heerser,  
net soos ons, maar jou gebied  
is gans die skepping:  
die mens, die ster en net  
Jy is die tamariskboom,  
die spreekwoordenaar  
sowel sluijmoordenaar  
as heilige wat staan en bid,  
en jy skep na eie wil,  
maar tog na aangevoelde wet,  
'n nuwe ryk wat langer  
lewe as die meeste ryke het.

Magie T se • Die swaars kan  
nuwe SA red  
• Die swaars kan  
so het gek  
spanheid beorder

**NOU BY UITGESOEKTE  
BOEKWINKELS,  
KAFEEES EN  
SUPERMARKTE  
BESKIKBAAR.**

Teken vandag in: Met INSIG in die hand, sal die jare negentig vir u nuwe betekenis kry.

Naam \_\_\_\_\_

Adres \_\_\_\_\_

Poskode \_\_\_\_\_

Telno (met kode) \_\_\_\_\_ Beroep \_\_\_\_\_

Ek kies die volgende intekenplan (Merk paslike blokkie)

**MAKLIKE DEBIETORDERPLAN** Teken my vir 'n minimum van 4 kwartale in deur my kredietkaart-Of bankrekening (soos hieronder aangedui) elke 3 maande te debiteer (tans R11- u spaar R11,93 per jaar). Ek sal skriftelik kanselleer indien ek my subskripsie wil opsê.

DEBITEER asb my  Lopende Bankrekening met R11 elke 3 maande:

Rekno \_\_\_\_\_ Takkode \_\_\_\_\_

Naam van instelling \_\_\_\_\_ Tak \_\_\_\_\_

DEBITEER asb my  Visa  MasterCard-kredietkaartrekening met R10 elke 3 maande:

Kaartnr \_\_\_\_\_ Verval Mnd \_\_\_\_\_ Jr \_\_\_\_\_

**KONTANTPLAN** Handtekening van rekeninghouer \_\_\_\_\_ Datum \_\_\_\_\_

**2 JAAR TEEN SLEGS R80** U bespaar R31,88 op die winkelprys van 22 uitgawes.

**1 JAAR TEEN SLEGS R44** U bespaar R11,93 op die winkelprys van 11 uitgawes.

My tjek vir R \_\_\_\_\_ is hierby ingesluit

**NUWE INTEKENAAR**  **HERNUWING**

INSIG, Posbus 53171,  
Troyeville 2139. Tel (011) 402-6372



# Life without feeling is the American Dream

WILLIAM PRETORIUS

THERE is a neo-genre in American gay writing, lesbian sado-masochism, that shows just how influential conservatism has become in that country: sexual (and general) censorship has, in a sense, become internalized, using the idea of the "sensitive" reader (or viewer) to practice a behind-the-scenes censorship while allowing an outward show of tolerance.

Thus, Simon and Schuster can refuse Brett Easton Ellis' new novel as too violent - creating, of course, a lot of hype around the novel and its guaranteed success when it eventually gets published by someone else.

Similarly, the American publishers of lesbian sado-masochism - Pat Califia, with her "Macho Sluts" and the futuristic "Doc and Fluffy", is the representative writer - will publish sexually explicit scenes, providing bodily fluids aren't exchanged in the stories. Califia had to rewrite much of her material, or not have it published. Publishers don't wish to encourage high risk sex, assuming that with their readers it's a case of monkey read, monkey do, and that they can't distinguish between sexual fantasy and real life.

Mainstream pornography is generally tolerated - Aids has increased porn production as one of the implements of safe sex - but in America vice cops have clamped down on the s/m scene, raiding video-companies producing material for the market, and private homes hosting s/m parties. It's the latest moral devil.

Lesbian s/m fiction is, in fact, a reaction against what Califia sees as the idealisation of lesbian sex in feminist ideology - "feminist erotica...presents a simplistic view of lesbian sex as two women in love in a bed who embody all the good things the patriarchy is trying to destroy."

The genre, too, is a reaction against right-wing, pro-censorship feminists (like Andrea Dworkin). Califia usurps and uses, through s/m, the macho-values of the male gay scene, breaking down gender classifications within the gay scene. Califia's erotica includes both lesbian and male gays.

Califia also sees female degradation/porn as a potential source of power: the woman as whore controls sexual interchange; the male is victim. The woman is macho and a slut - without machismo, the slut is a "commodity". Hence, Califia's short stories are called "Macho Sluts".

She continues her theme/explorations "Doc and Fluffy", a futuristic biker-story in which she again usurps and reworks macho-symbolism (chains, motorbikes, leather etc) into s/m fantasy.

If Califia's fiction has upset fundamentalists in America, it's because, as she rightly notes, she produces the sort of sexual fiction that scares the censors: well-written, stories that can be justified as literature.

Her books, in fact, aren't pornography. The key-word to her writing is "commodity". In her writing, she reacts to attempts to turn sex into a commodity; the sexual revolution, instead of freeing sex, has managed to alienate it within the establishment, and this alienation finds form in commercial hard-core porn, in passionless sex. Her writing, in an extreme form, perhaps, because sexual alienation in society is so strong, attempts, simply, to put feeling back into sex.

This is no new theme, and the breaking down of alienation is the theme of much

sexual writing that is available in South Africa, with permission of the censors.

In recent comics, for example, cross-dressing, gay sex through mistaken identity, an emphasis on a bizarre mixing of sexual signs are attempts at achieving, through shock value, feelings within a general alienation. "I'm awake," the narrator writes in the comic story "Rogan Gosh", "I'm alone. What do I want? I want passion. I want to feel intensely alive."

Similarly, John Valentine writes in "Puppies", recently banned in South Africa, a diary of his sexual encounters with boys, fifteen upwards, that "life without feeling is the American dream. Passionless fucking on nudebar stages and passionless killing in Benedict Canyon are flowers from the same bush." Charles Manson as the flip side of the American dream.

Lesbian s/m, Califia, Valentine, the comics are all current attempts to end the "passionless fucking" by using erotic writing to extend sexual experience and fantasy. Valentine turns actual experience into the "hoary dirty-book cliches" he loves; Califia usurps the melodramatic theatre of s/m, and comics revitalize content through visual gender juxtapositions.

These books posit sex as part of a human experience, without over-estimating the power of sex: "I do not believe that sex has an inherent power to transform the world...(or) that pleasure is an anarchic force for good," writes Califia.

She's partly right. American fundamentalism,



The imagination in search of bonds: a story illustration from "Bound" (p 125)

as described by Califia, creates an ideology that turns sexual experience into theory, that suppresses it because it over-evaluates sex.

Interestingly, one sees this fundamentalism being internalized in a growing genre of popular books dealing with a "new" phenomenon in American society, the serial murderer, the Charles Manson side of the American Dream. In this type of killer, sex and violence are sadistically combined. Books by writers such as Clifford L. Lindecker ("Hell Ranch, "Thrill Killers") and David St Clair ("Say You Love Satan") create a mythology of moral shock in dealing with these factual events that obfuscates



A reader's drawing from "Dominate" (p 81)

and falsifies any human or social understanding of a ghastly phenomenon.

Their books are worthless as the emphasis on self-righteous, fundamentalist shock prevents any understanding why, and it is important to understand why and how a serial murderer is formed and functions.

This fundamentalism has the same effect as censorship: aspects of human experience are put beyond comprehension because they are labeled "evil", or because they may offend sensitive readers/viewers, or the average person, or whatever theoretical standards censors create.

In other words: taboos are created. Writing on serial murderers often exploits these taboos for sensation, keeping them firmly in place. Lesbian s/m challenges these taboos through a literature of deliberate sexual arousal. This is both its strength and limitation: the parameters of its dialectical tension with fundamentalism keep it imprisoned in its own flesh, while, at the same time, giving it the strength of outrage and an intent to shock that is something different to exploiting sensation. Califia's writing is good, because she has a didactic purpose that translates into strong feeling.

However, South Africa will remain relatively free of this writing. Local publishers' agents aren't keen to import it, neither are book shops. The censors can relax - but, I think, the local literary scene will be the poorer without it.

William Pretorius is a freelance journalist from Johannesburg

## Complex webs of emotional intrigue

### THE SHOOTING OF THE CHRISTMAS COWS

By David Medalie  
David Philip (R24,90)

### RICHARD BARTLETT

THIS is a perfect collection of short stories, or a collection of perfect stories. Whichever way one looks at it, it is too perfect.

One of the stories in this collection is titled "The Spider Unhurriedly Crawls" and tells of a young boy who enjoys investigating the untended and ignored nooks and crannies of a garden, the part that makes the garden interesting.

Through all the stories there are no untended nooks and crannies.

The stories, the characters in them, the plot, are statements which make dissection difficult. They harbour no criticism.

David Medalie's stories could be described as a combination of Nadine Gordimer and Roald Dahl.

In "The Shooting of the Christmas Cow" there is a glimpse of the masterful teller of

twisted tales that leave one gasping together with the studied understatement used by Gordimer in exposing the contradictions of liberal white South Africa.

Medalie writes above all about South Africa. Not the South Africa of state violence and overcrowded bougainvillea clad trees, of patronising farmers and of in-laws who agree to disagree until the racism of the one goes beyond the bounds of social respectability.

In the title story a young girl, Estelle, befriends a farmer's daughter and is allowed to witness the most important event of the year on the farm, the shooting of the Christmas cows.

Two cows are shot, cut into pieces and laid out on the grass for the labourers to choose a piece with which to celebrate Christmas. Estelle bursts into tears when her mother fetches her because of the trauma of seeing the cows butchered.

In another an old gardener visits his former madam and it turns out to be a visit for more than merely social reasons.

But more than the mere liberal facade of South Africa is exposed in these short stories.

There are stories about the very ordinary loneliness that comes from learning to cope with the death of a loved one or from being disappointed by an older friend.

Medalie creates complex webs of emotional intrigue that at times relies on the conflict that apartheid causes but conflict is as much between the worlds of child and adult, young and old, as it is between black and white.

The perfection of these stories has a lot to do with the way Medalie uses English. His excellent command of the language - he currently teaches it at the University of Cape Town - leads to a very careful construction of the characters' thoughts and perceptive analysis of sometimes complex situations.

The stories show a remarkable manipulation of English that, although quite admirable, leaves one craving for something that one can sink one's teeth into, something less iron clad in its construction, with nooks and crannies that lessen the prescriptive nature of this collection.

Richard Bartlett is a freelance journalist from Johannesburg



# 'n Veronregte individu het altyd te doen met die maatskappy

## JOHN MILES se jongste roman, 'Kroniek uit die doofpot', nader voltooiing. Koos Prinsloo en Ryk Hattingh het by hom gaan kuier

Miles: Man, as jy die vraag só stel, besef ek die boek is reeds geskryf. Dis 'n herhaling. Jy sal onthou dat Hermans gesê het jy skryf altyd dieselfde boek oor. In dié opsig is die roman, wat ek noem "Kroniek uit die doofpot", 'n herhaling van "Blaaskans".

Die dokumente wat as uitgangspunt, as basis gebruik is, is prokureurslêers. Die roman is gebaseer op iemand wat die slagoffer van intimidasie was. Ek het twee en 'n half jaar gelede dié stel lêers bekom, dit is iets wat die afgelope tyd baie in die nuus was en hou verband met die moordbendes. In 'n sekere sin is dit half jammer dat hy nou eers in 1991 gaan verskyn, en dat dié mense, wat van die ding weet en nie die roman gelees het nie, dink dit is eintlik 'n bietjie old hat.

Ek moet tog seker vir my roman in die bres tree, maar ek sou hom nie klaar geskryf het as ek gedink het dit is ou nuus nie. Ek dink ek het 'n goeie keuse gemaak toe ek besluit het om 'n roman daarvan te maak. Ek gebruik die ding as 'n uitgangspunt, en werk wat biografiese feite, datums en so aan betref, baie getrou. Dis eintlik 'n soort, my tipe, voorstelling van die mees onlangse geskiedenis, politieke geskiedenis, maar natuurlik op 'n baie klein skaal. Ek het geen illusies daaroor dat dié geskiedenis is nie.

KP: Hoekom skryf jy nog romans?  
Miles: Man, ek het verslaaf geraak daaraan.  
KP: Is die roman nie 'n uitgediende vorm nie?

Miles: Ek dink nie so nie. Ek dink die 19e eeuse roman is uitgedien. Maar die tipe roman wat my interesseer, is die roman wat sy voete stewig op die grond het. Dit het te doen met die tyd, met die wêreld waarin jy leef. En dit is natuurlik 'n veelseisende medium omdat jy nog met jou leser moet wees. Koos, ja...

KP: Ek wil by Kundera uitkom. Ek weet jy het hom gelees ná "Blaaskans". Hoe vind jy aanklank by sy werk? Het hy jou beïnvloed?

Miles: Ek sou nie weet nie. As dit so was, was dit onbewus. Dié roman, "Kroniek uit die doofpot", se hoofkarakter is 'n swartman, en dit skep in ons land onmiddellik probleme. Probleme wat nie noodwendig my probleme is nie, maar hoe skryf 'n wit persoon oor




Foto: Ryk Hattingh

swart? Natuurlik is dit moontlik, in die eerste plek.

In dié roman maak ek van alternatiewe hoofstukke gebruik. Sê byvoorbeeld hoofstukke een, drie, vyf is tradisionele fiksie, en dan die hoofstukke twee, vier en derglyke is amper soos, en ek het gister die eerste maal daaraan gedink, baie soos die Griekse kore waarin 'n paar wittes die handeling bespreek en sekere dinge herhaal.

Julle gaan dalk iets anders verwag as ek dit só stel, want ek besef dit nou eers en ek sit by hoofstuk 18...

RH: Dis nie beplan nie?

Miles: Dis nie beplan nie, maar hulle lewer wel kommentaar, maar eintlik het dit ook te doen met die skrywer se probleme om die dokumente te interpreteer en om die dokumente aan te vul. Want daar is niks so prosaïes soos 'n prokureurslêer nie, want daar is kwitansies en sulke goed en jy wêet nie hoekom dinge gebeur nie. Jy moet self probeer by die vleis, die drama uitkom.

RH: Daar is nie 'n mens in die dokument nie.

Miles: Daar is nie 'n mens in die dokument nie, maar ek sal jou sê dat dié dokumente kan jou natuurlik rûk, want daar is niks so bruikbaar vir die roman soos die dokument nie, want 'n brief van die staatsprokureur kan 'n geweldige sensitiewe stukkie prosa wees. Of die verslag van iemand wat die lykskouing moet hou, kan sóveel ironieë vervat...

Ek het die minimum onderhoude gevoer.

Ek het natuurlik met familieleden van die persoon gesels, want ek kon nie by homself uitkom nie.

Ek het nie met die polisie probeer praat nie. Ek wil nie dié soort ironie hê nie, dis vir my te maklik en ek probeer om nie in die stereotipe te verval nie...

Dis amper soos, as ek kan dink aan 'n literêre voorbeeld, "De kapellekensbaan" van Louis-Paul Boon waarin Ondine se storie kom, en dan kom die onderwyseres, en die skrywer en die skilder bymekaar en hulle lewer kommentaar op, onder andere, die pas-geskrewe hoofstukke. Dit het iets daarvan.

Ek wou doelbewus afwyk van 'n rigiditeit, dat dit twee afgeslote stukke is. Ek wyk doelbewus af. Ek het byvoorbeeld 'n onderhoud gehad met 'n prokureur, 'n joernalis, 'n mediese dokter. Dié verskyn nie as onderhoude nie. Dit verskyn nou in daardie ander hoofstukke. Met ander woorde dit is eintlik die skrywer se probleem, en op dié manier word daardie individu se probleem teen 'n groter perspektief gesien. Dit word eintlik die skrywer se probleem ook.

Ek moes so 'n bietjie navorsing doen. Die held was as jongman 'n polisierman in die 1976-opstande. Sy ervaringe - hy was natuurlik 'n konserwatiewe man, kom uit die Vrystaat uit - in 'n wêreld wat hy nie ken nie...

Nou 1976 was natuurlik maklik, maar die '84-opstande in die Vaaldrichoek, daarvan het ek persoonlik bittermin geweet. Dis nie so algemeen bekend nie. Maar toe ek dit lees, toe

## 'Skryf ons nie almal oor hoe belangrik die liefde vir ons is nie?'

gaan daar 'n wêreld vir my oop omtrent 'n sekere keuse wat hy gemaak het. Want hy het 'n sekere keuse gemaak, 'n drastiese keuse, en ek kon nie begryp hoekom nie. Die lêers kon dit nie vertel nie, die prokureur kon dit nie doen nie. Maar toe het ek 'n bietjie daaroor begin lees in koerante - dis maar wat ek gelees het, koerante, en toe het ek ook besef hoe belangrik die Rand Daily Mail was...

Ja, met ander woorde, dit het te doen met al hierdie goed soos die struggle en derglyke, en ek weet, ek weet ek gaan nie orals populêr wees nie. My oogmerk is nie om in enige party se goeie boekies te kom nie. Dis nie dat ek probeer om 'n politieke saak te stel nie. Op die ou end kom dit weer neer op 'n veronregte individu, en 'n veronregte individu het altyd te doen met die maatskappy. Dit raak nóóit net een enkeling nie. Dit raak baie mense.

KP: Hoe het die besitverbod op "Stanley Bekker en die boikot" jou geraak? Dit en die verbod op "Donderdag of Woensdag"? Jy weet, Leroux het gesê dit het hom so beïnvloed...

Miles: Man, nee, ek kon nooit begryp wat Leroux eintlik daarmee wou sê nie. Behalwe dat ek dink Leroux was oorsensitief oor lesers se reaksie, en veral sekere lesers se reaksie. Dit is natiel om te dink dat jy orals bemind sal wees oor wat jy skryf.

RH: Dit sal verskriklik wees.

Miles: Is dit Hermans wat sê 'n joernalis skryf wat die mense graag wil hoor en hy (Hermans) skryf wat die mense nie graag wil hoor nie.

Snaaks, ek dink wat my meer sou ontstel het, is as iets waaraan ek werk gekonfiskeer moes word. Of iets wat nie kon verskyn het nie, wat nooit gelees kon word nie. En in albei daardie gevalle was dié verbod nie onmiddellik nie, dit het darem bietjie gewerk as 'n boek.

Om terug te keer, om Stanley Bekker te koppel aan dié nuwe manuskrip, ek het begin skryf daaraan met die idee dat ek 'n Stanley Bekker-roman wou skryf. Maar ek moet net byvoeg dat sodra ek oor hierdie tipe hoofstukke praat, klink dit geweldig geleerd, deftig... pretensius, literêr pretensius, vergeet daai ander, maar ek dink nie so nie. Ek dink dit is 'n baie toeganklike boek.

KP: Meer as "Blaaskans"?

Miles: Ja, ek dink so. En dit is, wat die titel wil sê, 'n kroniek. Dis is inderdaad chronologies, dit is al klaar maklik. En die doofpot-idee wat eintlik aan die vergeetheid oorgelaat word. Dit wat met hierdie man gebeur het, is net so ontstellend as wat met baie gróót name gebeur het, en sy naam verskyn op geen lys nêrens nie. Dit is ook wat my geïnteresseer het. Dit is nie die individu wat belangrik word nie.

KP: Hoekom het jy nog nooit van jou vorige boeke in Engels, soos Brink, oorgeskryf nie? Hoekom is hierdie die eerste een? Engels is die taal van die onderdrukker, dis waar ek wil uitkom...

Miles: Alle tale is 'n gevangenis. As een taal 'n onderdrukker taal is, het alle tale dit in die kiem. Hoekom ek volhou met Afrikaans is net doodgewoon omdat dit emosionele waarde het, dit kom vanself. Ek dink as jy 'n taal nie so goed beheers nie, dan is jy nie sensitief oor sy clichés nie. En as jy taal goed ken, is jy baie goed bewus van sy clichés. Dan kom skrywerskap vir my by en moet jy verby die clichés se probeer kom. Dis 'n soort stryd, nê? Taal is konvensioneel. As hy nie konvensioneel is nie kan jy nie kommunikeer nie. Maar tog moet jy hom altyd só gebruik dat dit vir jou vol of jy hom vir die eerste keer gebruik, of so iets. Daar is 'n soort paradoks, en ek voel Afrikaans is die enigste taal waarin ek dit kan doen.

Toe daar tien jaar gelede gesê is Afrikaans is die taal van die onderdrukker het niemand nodig gehad om te verduidelik nie, ek praat nou nie van die akademiese en derglyke nie, ons het almal gesnap wat bedoel word. En ons het daarteen gewerk, elkeen op sy manier. Maar as ek vandag sê Engels het 'n geweldige potensiaal om die taal van die onderdrukker te word, dan moet ek skielik myself verduidelik, skielik motiveer, en lyk dit of niemand my begryp nie. As 'n mens na 'n Cosaw-vergadering toe gaan en sien hoe Engels gebruik word, en jy weet ook dat sekere mense voel almal behóórt eintlik Engels te skryf, dan is ek baie bewus van die onbillikheid.


Dit sou die wonderlikste ding op die aarde gewees het as almal een taal gepraat het en dit sou sekerlik net 'n pluspunt vir Suid-Afrika gewees het. Maar miskien is dit gelukkig dat ons dit nie doen nie want dan kan ons die bevelle nie so goed verstaan nie. Want daar is altyd die gevaar van indoktrinering, van gelykheid.

RH: Jy het vroër vertel van die plakboeke wat jy noukeurig gehou het deur die hele gang van die moordbende-onthullings heen. Hoe het jy gevoel ná die Harms-kommissie se verslag?

Miles: Ek het dit half vermoed. Wat kon hy nou eintlik sê? Want elke keer sê hulle hulle kan nie daaroor getuig nie. Maar eintlik, tog, is dit 'n teleurstelling. Almal wêet, dink ek, almal aanvóór dat Webster op dié manier dood is.

Dit is interessant om te sien hoe die koerante vóór die groot onthullings gespekuleer het. Die sinspeling is altyd die outoriteit het gekom uit die weerag, maar dit het half op die pote begin voortloop, hierdie gedrog. Jy sien op die ou end kom jy uit by die totale aanslag en totale strategie. Dit klink 'n heel onskuldige strategie, maar wat daarin totale abstraksie uitgedink word, word uitgelêf. Vloek self het woorde gebruik soos die vyand moet "geëlimineer" word en hy moet "uitgeval" word. Ek meen hy het op 'n keer later gesê hy het dit nie presies so bedoel nie, maar wat moet die man wie se beroep dit is, die polisierman op Soekmekaar, dink van "uitvat" en "elimineer"? As jy ANC is, word jy geëlimineer, dan gaan die ANC en sê goed, ons val sagte teikens aan, dan sê hulle, goed, jy hoef nie 'n geweerdreende ANC te wees nie, jy moet maar net 'n studie oor vakbonde doen dan is jy 'n meeloper en 'n sagte teiken vir hulle. Dis 'n meedoënlose ding. Dit is heeltemal 'n anargie waarop dit uitloop. Dan kom jy natuurlik by die ding van ek moet myself beskerm, ek moet nou self skiet. Ek dink die ding het 'n lekker hupstootjie gekry by dinge soos totale aanslag en totale strategie...

Ek begin by die individu en dan móét ek uiteindeelik daar uitkom, en ek probeer alles doen as 'n roman, nie as 'n politikus nie. Ek weet dis aknuele geskiedenis, maar ten spyte



daarvan weet ek ek is besig met 'n roman.

KP: Maak dit vir jou saak of daardie roman oor dertig jaar nog gelees word?

Miles: Nee, watter skrywer...

KP: Jy skryf nie vir die ewigheid nie.

Miles: Nee.

RH: In die struggle word daar dikwels regstreeks druk op die skrywer geplaas om die gemeenskap te dien. As jy by 'n skrywerskongres instap, soos byvoorbeeld by die water, voel jy as 'n skrywer dat daar druk op jou geplaas word, dat jou werk êrens moet verander om êrens by iets in te pas. Hoe voel jy daaroor? Wat is die skrywer se verantwoordelijkheid?

Miles: Ja nee nee, God. Op een of ander stadium dink elke skrywer daaraan, selfs iemand wat liriese poësie skryf. As ek nou so vaag kan wees sou ek sê hy of sy lewer 'n diens aan die gemeenskap. Skryf ons nie almal oor hoe belangrik die liefde vir ons is nie? Ons weet hoe 'n belangrike stuk die liefde in woorde is. Ek wil daar begin, en sê dat ek bewus is van die appél wat gerig word tot die skrywer van vandag, en natuurlik het dit 'n invloed op jou, maar terselfdertyd het die cliché waarin daai appél gerig word net so 'n irriterende waarde. Dit skrik my skoon af.

RH: Die skrywer word oorskakel.

Miles: Ja. Die skrywer is, ag maar net 'n faktor. Net soos die politikus hopelik ook maar net 'n faktor is. Daar was Russiese skrywers in die dertiger, veertigerjare wat romans geskryf het waar die skrywer byvoorbeeld betrek is by 'n groot projek waarin 'n nuwe fabriek gebou word. Nousoos wat die messelaar die stene lê, en die loodgieter die pype versorg, moet die skrywer die hele storie skryf van die stuk historiese gebeurtenis.

RH: Die boek as fabriek.

Miles: Ek het nooit so 'n roman gelees nie. Ek glo nie daar is ooit van hulle vertaal nie, maar ek het gehoor dat dit glo sielsvervelend

is. Want jy kan nou sekerlik nie 'n rusie tussen die messelaar en die loodgieter betrek nie.

RH: Trouble in paradise.

Miles: Nou kan jy dink. Maar om terug te keer na daai appél tot die skrywer, ek persoonlik voel ek is baie sensitief oor my omgewing. Ek is sensitief oor die goed wat in die koerant verskyn. Die gemeenskap is die heeltyd aanwesig by wat ek doen. Ek dink daar is veel meer ander probleme wat jy het. Dit is nie my groot probleem nie. Ek het veel meer ander probleme. Fomelle probleme, vormprobleme, doodgewoon om hierdie ding, hierdie spul woorde vir die mense interessant te maak. Net dit. Dis baie eenvoudige. Hoe om dit vir die leser aantreklik te maak. Hoe om hom voor te berei sodat hy die hele pil sluk.

KP: Jy het vroër vertel van jou besoek aan die oorblyfsels van die Romeinse baddens in Bath en hoe die Calviniste...

Miles: Ja-nee, wat ek daar wou sê is dat die besef, die groeiende besef, en Hermans het 'n groot rol gespeel om my bewus te maak van die lewe as chaos... Die mens wil graag 'n orde skep, maar ek is daarvan bewus dat daardie orde tydelik en hipoteties is. Want jy sit altyd met gebrekkige feite, en daardie besoek aan Bath het my baie sterk daaraan herinner dat daar 'n kosmiese gang is wat totaál en al koud staan en stief is oor wat ons dink en wat God se raadsplan met ons is. As ek sê God se raadsplan, bedoel ek natuurlik wat die teoloog namens Hom of Haar dink. En dan die hele idee van hoe lank is ons geskiedenis van opgetekende denke.

Ag, dis 'n oogknip as jy gaan bereken hoe oud die kosmos is. Met ander woorde dat die heeltemal arrogante is om te dink dat enige sisteem wat ons aan kan dink die kosmos kan omvat.

KP: Ek dink nou aan die quote: Ons ken nou net ten dele, maar eendag, dán...

Miles: Seker wanneer ou Boeddha ons klap, Ja-nee, dis 'n droom...



# 'n Aangrypende dokumentering van ons tyd

DIE JAKKALSJAGTER  
Deur Alexander Strachan  
Tafelberg (R24,95)

RIKE VAUGHAN

'N MAN kom na die plaas van 'n weduwee om 'n wilde hond te vang wat onder haar skape en kalwers amok maak. Wanneer die roman begin, is die weeklange jagtog pas verby en die prooi platgetrek, en sy vertrek val saam met 'n hewige storm wat die droogte (voorlopig?) verbreek, 'n reënval wat, retrospektief, sy gang deur die res van die teks markeer en die belangrikste leidraad vorm vir die plasing van die gebeure rondom hom in tyd en ruimte. Want parallel met sy verhaal word ook die verhaal van Lenka ontvou, en van, onder andere, 'n ander jagtog toe dié vyf was - die jakkalsjag op die ou werf - en ook in dié verhaal ry die hooffiguur in die slotreëls weg in die reën...

By die lees van "Die Jakkalsjagter" het die aanvangsreëls van "De Dierenriem" uit Marsman se "Tempel en Kruis" by my opgekom, waar "de man van wie ek dit verhaal vertel" sy intrek neem in 'n kamer "alseen cel", met niks as "een absoluut wit nu/ door niets gevlekt dan door 't verweerd papier/ het palimpsest van het gemene leven/ dat hij ontraadslen moet en lezen als gedicht/ (...) hij peinst en schrijft, en langzaam vult zich het geduldig blad/ met tekens die zijn hand bevreedt herkent/ als letterbeelden uit een dood visioen/ en als 't papier doorschijnend wordt en zwart/ van woorden uit een blinden onderlaag/ van de moerassen der vergetelheid/ bezweert zijn schrift als een mistiek getal/ het sterrenbeeld dat in zijn dromen hing/ en dat nu, volgezogen van 't geheim/ der noodlotsgronden, neergeslagen ligt/ in 't blanke veld..." En later: "de mens moet verder gaan/ had zij gezegd, 'als het verleden trekt/ zoek dan een land/ dat niemand heeft begaan' (...); 'geen weg, geen pad,/ had hij terug gezegd/' of 'k zie er sporen staan/ sinds mensenheugenis..."

Sou die skrywer dalk, onder meer, hier sy inspirasie gaan haal het? Want sowel palimpse (pp 68 - 69), spore (pp 106, 109...), skryf (legio, maar vgl veral pp 62 - 63, 104), nagtelike heelal en hemelliggame uit 'n oertyd (bv pp 25, 42), as soeke (en ook jag is 'n vorm van op soek wees) is integrale aspekte van dié verrassende, vernuftige roman.

Sonder twyfel is dit die idee van die palimp-

ses wat as sleutelgegewe, inhoudelik én formeel, toegang verleen tot die teks. Nie net is dit bepalend tot die skryfhandeling as sodanig nie (waarop die teks self trouens voortdurend kommentaar lewer), die skryf van hierdie laag lettertekens, maar ook vir die ontrafeling van daardie handeling-as-eindlose-soekprosesbinne-tyd-en-ruimte deur die lêser. Skryf/lees om te probeer be-teken, om 'sin te maak' van begin/einde/hede/verlede/toekoms, alles verstrengel, onontwarbaar, tye en ruimtes wat oor mekaar en deurenskuif: geen vóór en ná meer nie, maar een fluïdum waaraan die menslike bewussyn gestalte gee, wat deur die bewussyn ondergaan en seismografies geregistreer word:

"Ek was twee-en-dertig jaar oud toe die supernova sigbaar word (...) Toe die ster ontplof het, het die Neanderthal-mens nog nie verskyn nie en het die vroeë homo sapiens in die son gesit en wapens uit klip gekap. Miskien het alles 'n oomblik tot stilstand gekom (...) Honderden-sewentigduisend jaar later het die aarde die ontploffing gesien." (p 65)

"Die jaar is 1987, het hy in die flou lig aangeteken (...) Dit sou maklik wees om te onthou (...) omdat dit die jaar is waarin die verskyning van die supernova my depressief gemaak het." (p 42)

Die gewelddadige geboorte en gewelddadige dood, en die gewelddadige lewe tussen-in staan, van oudsher af en oneindig herhaal in die toekoms in, in die teken van kosmiese magte wat ingryp in die menslike bestaan en waaraan die mens, alléén op deurtog deur die onherbergsame wêreld, in beweging moet bly (p 1) as beswering van die wanhoop-om-sintekaan-maak: 'n wêreld waarin niks blywend is nie, maar óók, júf, niks verander nie, ook nie tot die óópmaak vir die ander nie. Gekerker in die self is die mens in hierdie roman.

Daarom is die soek/jagtog eintlik by voorbaat gedoem tot mislukking en jagter/gejaagde omkeerbaar, omdat niks finaal beveilig word nie, en is dié wêreld een van liefdeloosheid, selfs in die intiemste oomblikke van gemeenskap, een van geweld, van oorlog.

Seker die boeiendste aspek van die vertelling is die feit dat die palimpse beliggam word in die ononderbroke gebruik van die onvoltooid teenwoordige tyd, waardeur die verlede nie slegs (soos in die geval van die sogenaamde epiese preteritum) as teenwoordig ervaar word nie, maar konstant, onvoltooid, teenwoordig "is": die palimpsestruktuur is een van oneindige metamorfose waarin telkens opnuut oorblyfsels van vroeër strukture terugvindbaar is, tekste ad infinitum ingebed in ander, waaroor die roman hom trouens selfbewus uitlaat op p 63.

Hierdie "embedding" sorg vir 'n geweldige verwikkelde romanstruktuur. Om die storie uit die verhaal te distilleer verg ewe veel speurvernuif as die van die jagter(s) self - is, daarom, ook éwe spannend.

Wat oënskynlik die verhaal wil wees van "die man" (nêrens eksplisiet - en dus universaliserend - nader benoem nie) blyk óók die verhaal te wees van Lenka wat 'voorbestedem' is (vgl pp 45, 46, 91, 99) om 'jagter' te word, onder andere op die grens as soldaat wat mededoenloos met makker en jaghond 'n vlugteling agtervolg, (maar: "wie was die vyand?" (p 104), wie uiteindelik die prooi, as eers die hond deur die voortvluggende doodgemaak, en daarna die eie troepe voortvluggend word?), 'n "loner"-figuur, vanaf sy geboorte 'geteken' in terme van bloed (p 45), draer van die onkenbare, "etwas Unheimliches" (vgl die baie verwysings na sy vroeë oë), slagoffer van, maar ook juis aandadig aan, 'n gewelddadig-ontmenslikende universum.

In die verhaal van Lenka 'herken' ons die 'voorgeskiedenis' van "die man", 'opgeteken' in laasgenoemde se notaboekie. Ons lees hieruit sy jeug af en die prekerre jare van ontwaking tot seksualiteit en volwassenheid, teen die agtergrond van die onoorbrugbare kloof tussen mens en mens: die liefdelose huwelik van sy pa en ma, hul onvervuldheid en frustrasie, 'n bestaan gekenmerk deur die futiele oerdrang tot uitreik na die medemens, vereensaming, verraad, verkragting, wrede vergelding, "survival of the fittest"... (Van die ontstellende tonele is dié waarin die werfhonde getugtig

word, maar óók waar 'n braaiskaap by 'n verjaardagparty (p 110) deur die etende 'beskaafdes' "uitemekaargeskeur" word.) 'n Siklus herhaal tot in die oneindige, want Lenka is ook sypa, Hendrik, is ook syoupa, Lennard, is ook die ou man oor wie daar, na sy dood, op p 99 gegis word, is ook die jakkals- en wilde hondjagter op pad na nêrens in die reën, op pad terug/vorentoe na Gillian toe met wie hy getroud was en misluk het, die man wat nie sy saad wil stort nie, om krampagtig die siklus te wil bréék, want alles is tóg tevergeefs/geperverteer, ook 'die liefde' 'n vergryp, moeder en hoer, geliefde en toevallige bedgenoot omruilbaar, en die seun wat oedipaal sy pa 'vermoor', herkenbaar as die 'loner'-met-die-breërandhoed, die jagter wat ten slotte homself tot prooi word...

Die geluidlose noodkreet (pp 12, 82, 115) kry in dié roman geraffineerd-gewelddadig en ontsettend stêm. Stêm, óók, in die ontkenning van die móóntlikheid tot durende (mede) menslikheid, teerheid, deernis, geborgenheid: Gillian se briewe - 'n 'ek' wat aanvanklik by die lees ervaar word as ongeregverdig, want hoe sou die hooffiguur immers van hulle kon weet, hoe sou sy notaboekie hulle kon bevat? - het uiteindelik bestaansreg omdat hulle onverstuur "in (haar) onderste laai" (p 24) beland. Ook hierdie (gejukstaponeerde stem) stem uit briewe wat, opvallend in 'n ander lettertype gedruk, die verhaale telkens onderbreek, kan dus nie anders wees as nóg 'n projeksie van die skrywer van die notaboekie nie, is dus ook 'maar' teks, 'n moontlike (utopiese?) scenario.

Strachan se roman is daarom, in weerwil van die soms ongemotiveerde fragmentering van die fokalisasiepunt (vgl. myns insiens, pp 55, 68, 81, 87, 90 en elders) wat plek-plek die romanstruktuur ondermyn, 'n aangrypende dokumentering van die pessimistiese eksistensiële bewussyn waardeur die uitsonderlikste tekste van ons tyd - en spesifiek ons eie ruimte - gekenmerk word.

Rike Vaughan doseer Afrikaans en Nederlands by Wits

## Frans Kellendonk se mistieke liggaam

EDUAN SWANEPOEL

HOMOFOBIES en anti-Semities. Dit was die kritiek teen Frans Kellendonk se laaste roman, "Mystiek lichaam" (1986). By sy dood vroeër vanjaar, is die omstredeheid rondom dié teks weer ter sprake gebring in die Nederlandse pers.

"Het probleem was echter niet het vermeende antisemitisme en de vermeende homohaat van Kellendonk, maar de blindheid van critici die geen verschil wensten te maken tussen de auteur en zijn werk," skryf die kritikus Gert Hetsma. "Nu heeft Kellendonk met zijn critici wat dat betreft ook niet makkelijk gemaakt, omdat zijn verhalen en roman ideëen bevatten, die hij in essays en interviews herhaalde en dus gemakkelijk voor zijn persoonlike mening konden worden aangezien."

"Mystiek lichaam" is 'n teks wat 'n sentrale problematiek in die letterkunde aanraak: in hoe 'n mate kan 'n skrywer verantwoordelik gehou word vir die (ontstellende) opmerkings wat deur karakters in van haar/sy tekste gemaak word? Die intensiteit wat na jare steeds opval in die debat rondom dié teks, is bewys dat 'n finale antwoord op genoemde vraag nie maklik gevind gaan word nie.

Die eienaardige, hiperpersoonlike en indivi-

dualistiese konserwatief-katolieke visie van Kellendonk lê ten grondslag van "Mystiek lichaam". Dit gaan in dié roman om die (Joodse) "gemeenskap van die gelovigen", 'n gemeenskap wat van die regenerasie/voortplanting van die mistieke liggaam afhanklik is: "Mystiek lichaam" duidt het verbond aan van God met de mensheid. Het vindt zijn aardse manifestasie in het ingezegende huwelijk, dat immers in verhouding staat met het goddelijke en bovendien de dynastie van het leven bouwt teenover de dynastie van de dood," skryf Carl Rohde.

Binne hierdie visie op die mensdom staan die innerlike verskeurdheid van die enkeling sterk uit, die individu wat per defenisie buite die mistieke liggaam staan.

Rohde wys daarop dat Kellendonk die homoseksuele staat van menswees gebruik as metafoor vir die condition humaine van alle moderne enkelinge.

Kellendonk het hom so oor dié saak uitgelat: "Homoseksualiteit kan tegenwoordig helemaal niet als een apart probleem worden gezien. We hebben intussen een seksuele revolutie gehad, waardoor seksualiteit en voortplanting van elkaar gescheiden zijn. Zo is iedereen homoseksueel geworden, iedereen staat buiten de gemeenschap."

Broer, een van die hoofkarakters in "Mystiek

lichaam", is homoseksueel en boonop HIV-positief. Wat hy oor homoseksualiteit te sê het, eggo Kellendonk se buitetekstuele sienings: "De homoseksualiteit, die buiten de geschiedenis staat en geen eigen vormen heeft, is tot imiteren en overdrijven gedoemd. Ze worden door iedere homo opnieuw uitgevonden. Met iedere homo begint ze opnieuw ... Wat in de heterowereld gebeurt als tragedie, herhaalt zich in de homowereld als klucht. De liefde daar is trouw aan de rechtgeaarde vorm van de liefde en verraderlijk naar de inhoud. Die liefde is parodie."

Die enkeling is onbetrokke, staan buite die geskiedenis en is uiteindelik gedoem tot die dood, "een tegenzang in de biologiese tragedie".

"De homoseksueel is vanouds sterk doodsgeschied geweest," sê Kellendonk in 'n onderhoud, "de dood is een homoseksuele obsessie, en dat is door het uitbreken van AIDS alleen maar aangescherpt." Dat Kellendonk, self homoseksueel, ook aan Aids moes sterf, intensiveer die troebel grens tussen teks en mens hier.


In 'n huldeblyk aan Kellendonk som Wim Hottentot die verskynsel Kellendonk en sy tekste só op: "Het is wel heel bittere ironie van de geschiedenis, dat ook in dit geval de overbrenger van een onaangename boodschap met de dood gestraft is."



Frans Kellendonk (1950-1990)...  
"Iedereen staat buiten de gemeenschap"



# The gentle yet compelling works of Raymond Briggs



The past year has seen the reissue of a range of books by Raymond Briggs, an artist and writer who has created a series of extraordinary picture sagas about frighteningly ordinary people. ARTHUR GOLDSTUCK surveys a selection of his work

"THE sun sinks below the hills. The birds are hushed. NIGHT is coming. But... far, far below ... in THE TUNNELS, in the wet, dripping tunnels of Bogeydom, (a land where the light is as Darkness) the Bogeymen are stirring in their beds..."

Thus begins Raymond Briggs' depiction of one of the most fascinating fictional subcultures conceived this side of Gulliver's Travels.

"Fungus the Bogeyman" (Puffin) is a tale about a very ordinary bogey man who worries about the meaning of it all. Reprinted in paperback this year, 13 years after the original hardcover edition, it is a timely reminder of the literary heights to which picture books can aspire.

The late 1980s have seen a coming of age of Graphic Novels - book-length, highly literate comics which gave the comicbook medium new self-respect. However, at a time when these Graphic Novels dazzle the reader with stunning artwork and mind-wrenching stories, it is an eye-opener to rediscover the gentle yet compelling works of Raymond Briggs. His books came before the rise of Graphic Novels, but never suffer by comparison.

His enormous insight into the British class system specifically, and into the human condition generally, is as incisive a critique on society as anything thrown up by English literature.

Already, he has been compared with TS Eliot and Albert Camus.

Of course, he's also been compared with Johnny Rotten, ex leader of the Sex Pistols, but that was meant as a compliment, and perhaps distracts from the mainstream nature of his work.

"When the Wind Blows" (Hamish Hamilton), Briggs' picturebook account of the effect on ordinary people of a nuclear attack, is not the kind of book one would read to children at bedtime, but carries a message that even a child could profit from. It was made into an acclaimed animated feature film, inspired a hit pop song of the same name by David Bowie, and has been reprinted five times.

It tells the story of Jim and Hilda, a semi-literate, middle-aged, lower-class couple who see the Third World War

as a rerun of World War II, complete with tin hats, home guard and Vera Lynn.

They survive the first strike, but quickly degenerate into a sad and desperate existence. In their naive self-honesty and earnest desire to "maintain standards", they reveal the subtleties of British class-consciousness, as well as the tragedy of powerless little people swept away by the tide of global politics.

What gives the book its disturbing edge, however, is the unflinching humour that Briggs injects into the dialogue. It turns his books - which are superficially mere visual entertainment - into harsh, biting satires that can leave the reader either very thoughtful, or very angry.

"When the Wind Blows" falls into the latter category, as does "The Tin Pot Foreign General and the Old Iron

Woman" (Hamish Hamilton), a vicious attack on the Falklands War.

The thoughtful category includes straight children's books, like "The Snowman" (Puffin), a wordless picture essay that gains more with each "reading", and "Father Christmas" (Puffin), an almost-adult treatment of the Santa Claus character. A sequel, "Father Christmas Goes on Holiday" (Puffin), barely qualifies as a children's book.

The Briggs books that have caused most confusion in the children-versus-adults debate are "Unlucky Wally", and "Unlucky Wally Twenty Years On" (both Hamish Hamilton). Wally is the ultimate everyman loser who, despite the enormous futility and ignorance of his life, imagines he is happy.

Surprisingly late in life he begins "to hear about people called Homosexuals. At first he refused to believe it", but eventually realised it was a fact of life. He even wondered if he himself was one; after all, "He had never married and he had never had a girl".

As an experiment, Wally buys copies of Playboy and Playgirl magazines to find which he responds to most.

"He discovered, with some relief, that he preferred the females, but he also found that he was not really all that bothered by either. So he decided, eventually, that he must be some kind of Neuter."

The books convey a rough-edged humour, a subtle brand of social comment, and a deep, indefinable sense of tragedy.

Which brings us back to "Fungus the Bogeyman", a true masterpiece of understated social commentary.

Fungus, like any respectable

Bogeyman, gets up at dusk every day and commutes by bicycle to The Surface ("perhaps near where YOU live") for an honest night's work. Scaring vicars in churchyards, waking sleeping babies, causing horripilations (gooseflesh), tapping at windows, making things go bump on rooftops, peering into lighted windows, knocking slates off roofs, engendering boils on sleeping people's necks with his finger, and generally acting like a seasoned bogeyman professional.

Unfortunately, Fungus is also suffering a deep existential crisis. He wonders what its all FOR, why is he a Bogeyman, and does frightening the surface dwellers do any ultimate good? His wife and friends, solid working class types all, have no patience with this self-indulgent moping, and Fungus is left to ponder the significance of his role in solitude.

Along the road, however, we discover the ways of an underground society every bit as complex and absurd as ours, with one crucial difference: everything we consider putrid, they regard as pure. Anything we find revolting, they find uplifting.

Paradoxical as it may sound, this reversal persuades the careful reader to re-evaluate our own society from the point of view of a value system we would find repulsive, but which its protagonists take for granted.

It is thus just as instructive as it is entertaining, and as illuminating as it is hilarious.

Adults would get every bit as much out of it as children would - and isn't that the ultimate accolade for a picture book?

Arthur Goldstuck is a journalist at the Weekly Mail and the writer of "The Rabbit in the Thorn Tree"



## A Field Guide to the ANIMAL TRACKS of Southern Africa

Louis Liebenberg

This is the first comprehensive field guide to the animal tracks of southern Africa.

The author, an experienced tracker, explains how to identify and interpret spoor, and how to master the basics of tracking.

The book, arranged for easy cross-reference and including hundreds of highly accurate illustrations of spoor, is meant to be of real scientific and practical use in the field.

Louis Liebenberg is the author of *The Art of Tracking: The Origin of Science* (published by David Philip), which deals with the theory of tracking.

Available from good bookshops at R39,95



David Philip Publishers





BREYTEN BREYTENBACH AS  
OPENBARE FIGUUR  
Deur Francis Galloway  
HAUM-Literêr (R65,50)

HELIZE VAN VUUREN

VAN al die skrywers op die Suid-Afrikaanse toneel, is Breyten Breytenbach los hande die interessantste figuur vandag. Dit het te make met sy geskakeerdheid as skrywer - hy is 'n prosais met nege titels agter sy naam, digter van elf digbundels (sonder om "Oorblyfsels", 1970, of "Blomskryf", 1977 by te reken) met 'n twaalfde versameling gedigte, "Soos die so", op die pers by Taurus, en ook politieke essays. Maar dit het ook te make met die gehalte van sy werk: dáárvan getuig die toenemende aantal artikels, lesings en tesisse, en ook die vertaling in Nederlands, Engels, Frans, ens.

Vanaf die verskyning van "Die ysterkoei moet sweet" in 1964 en die 1965-*visum* weiering aan sy Viëtnamese vrou, Yolande, het Breyten Breytenbach vir baie jong Afrikaners egter ook begin groei tot 'n simbool. Hy verteenwoordig die rebelse, anti-establishment stem wat dit duidelik gemaak het dat daar 'n Afrikaanse indentiteit moontlik is wat apartheid en sy produkte verafsku, maar wat steeds in Afrikaans bly skryf en dink en droom. Sy tronkstraf onder die Wet op Terrorisme het die simbool net verstewig. Dit is nie vergesog nie om te sê dat Breyten Breytenbach vir die jonger geslag Afrikaanssprekendes wat ná 1948 gebore is, net soveel hoop en vryheid en selfbewuswording gebring het, as wat Steve Biko met sy swart Bewussynsbeweging en sy tragiese dood vir die swart Suid-Afrikaners bewerkstellig het.

Tot met die verskyning van Francis Galloway


# 'n Moeisame boek oor Breytenbach

se verwerkte proefskrif, "Breyten Breytenbach as openbare figuur", is daar egter weinig aandag bestee aan die effek wat die digter-skilder as sosio-politieke figuur op die samelewing gehad het, en nog steeds uitoefen. Daarom vul dié studie 'n groot leemte. Vir die eerste keer het ons nou in één band bymekaar al die informasie rakende Breytenbach die politikus en die skrywer. Dit is 'n besonder nuttige naslaanwerk, met iets van die geaardheid van JC Kannermeier se tweedelige literatuuargeskiedenis van Afrikaans: 'n uitgebreide bibliografie, en uiters volledige optekening van elke woord wat ooit oor Breytenbach of sy werk of sy doen en late gesê of geskryf is.

Maar hier lê ook die probleem met die studie. Dit staan nog te ná aan die oorspronklike proefskrifvorm waaruit dit kom. Dit lees moeisam en vermoeiend, want daar is té veel verslag van ánder se uitsprake, wat kritiekloos weergegee word, en te weinig van 'n eie vertolkende "narratief" oor die figuur Breytenbach. Dit veroorsaak dat die studie 'n erg fragmentariese indruk laat. Elk van die sewe hoofstukke is histories gebou, vanaf Breytenbach se debuut in 1964, deur sy politieke radikaliserings, tot in die laat tagtigerjare. Wat 'n mens mis by die lees, is meer van 'n eie ingreep op die stof, 'n eie narratiewe weergawe, eerder as die oëskynlik neutrale verslaggewing van ander se kommentare. Dit laat die indruk

dat al die navorsing nou gedoen is, en voortreflik gedoen is - maar dat die definitiewe werk oor Breytenbach as openbare figuur nóg wag om geskryf te word. En dit sal slegs geskryf kan word deur iemand wat bereid is om hul nek uit te steek en hul eie politieke kleure baie duidelik te wys. Dié studie adem 'n gees van versigtigheid: die skrywer raak nie werklik intens betrokke by haar onderwerp nie, sy kies nie kant nie, sy bly toeskouer oor die "fenomeen".

Nietemin is die navorsing baie deeglik gedoen, en die boek onontbeerlik op die rak van enigiemand wat geïnteresseerd is in Breytenbach of die Afrikaanse letterkunde - ten slotte gaan die studie ook méér oor die Afrikaanse letterkunde en sy veranderende opvattinge oor byvoorbeeld politieke betrokkenheid in die literatuur, as wat die titel sou laat vermoed. Dit is die resultaat as gevolg van die skrywer se ondersoek na 'Breytenbach en die verwagtingshorison' vóór die sewentigerjare, en later fassinerende afdelings soos 'Uitsprake in die voor-tronkfase oor die rol van die Afrikaanse skrywer', en heelwat later, 'Die resepsie van die (ná)-tronkbundels'. Met dié soort navorsing sit Galloway die literêr-teoretiese ondersoek na Afrikaanse literatuur opvattinge voort wat Rialette Wiehahn so voortreflik met "Die Afrikaanse poësiekritiek" (1965) aangevoer het. Dié afdelings is ook van die insiggewendste in die studie: dit lees soos 'n resep-




Breyten Breytenbach

siesgeskiedenis van die stryd tussen politiek en literatuur in die kritiek, iets wat vandag nog steeds 'n knelpunt is.

As navorsingsbron is "Breytenbach as openbare figuur" 'n unieke aanwinst (hoewel die prys van R65,50 vir studente nogal afskrikwekkend sal wees). As oorspronklike verslag of biografiese geskiedenis, is dit egter minder geslaagd.


Helize van Vuuren doseer Afrikaans en Nederlands aan die Universiteit van Natal

## penguin spells out the issues




Eddie Koch  
Dave Cooper  
Henk Coetzee  
Series editor: Mark Orkin

ENVIRONMENTAL  
CRISIS



Howard Barrell  
Series editor: Mark Orkin

MILITARY  
CRISIS



apartheid's secret weapon

POLITICAL  
CRISIS

The first three titles in the Penguin Forum Series are now available at leading bookstores and newsagents. Forthcoming issues to be addressed in this growing series will include, amongst others: Politics, Economics, Law, Health and the Environment. Always Topical, always relevant.

PENGUIN FORUM SERIES

# can you afford to be uninformed?

## AFRICASOUTH BOOKS

in Swaziland

Frances GALLOWAY  
BREYTEN BREYTENBACH AS  
OPENBARE FIGUUR  
R75,40 + R1 posgeld

Ellen KUZWAYO  
SIT DOWN AND LISTEN  
R28,70 + R1 posgeld

Richard RIVE  
EMERGENCY CONTINUED  
R34,50 + R1 posgeld

FATHER HUDDLESTON'S  
PICTURE BOOK  
R62,70 + R1 posgeld

Stuur posorders. Indien u met 'n Suid-Afrikaanse of Namibiaanse tjek betaal, voeg R3,50 by.

Beskikbaar in ons boekwinkels in die Swazi Plaza, Mbabane, Swaziland. Skryf aan Robin Malan of Anne Salelwako, Posbus A456, Swazi Plaza, Mbabane, Swaziland. Tel: 45561



# Waarmee smous dié tannie?

MARETHA MAARTENS se bekroonde roman vir tieners, "nPot vol winter", wat verlede jaar Junie verskyn het, was 'n blitsverkoper. Die boek was omstrede omdat dit 'n sekstoneel bevat. Ek dink daar word verwys na 'n FL.

Maartens is binne die Afrikaanse boekebedryf 'n topverkoper. Ek hoop sy herhaal die prestasie en nog vele meer. 'n Taal het skrywers soos sy baie nodig.

Maar meer nodig, meen ek, is dat sommige voorbehoude wat die boek oplewer, genoem word, juis omdat dit 'n jeugboek met 'n sogenaamde opvoedingstaak is. Die boek het 'n sterk Christelike - dus morele - inslag, dikwels ten koste van die verhaal.

En dis die gebreke van hierdie moreel-godsdienstige boodskap wat onder die loop geneem moet word. Vir "volwassenes" om te sê, "wel dis vir kinders, laat hulle tog maar glo in die goed", is nonsens.

Onlangs het 'n besoekende Belgiese kinderboekskrywer, me Seynaeve, gesê die boek sou nie in België gepubliseer gewees het nie want dis "prekerig" en "naïef". Die eerste is 'n literêre oordeel en nie hier die onderwerp nie, maar die tweede is 'n ernstige klag teen 'n "opvoeder".

'n Briefskrywer in Beeld het geskryf me Seynaeve neem nie die Christelike milieu waarin die storie afspeel in aanmerking nie, maar beoordeel jy die boek in 'n Christelike konteks skiet dit net so ver te kort as in enige ander. Die "Christelike" konteks kon "n Pot vol winter" as boek nie red nie.

Blanke Afrikaanse Christene is geneig om hul Christelike milieu as die enigste korrekte een te sien, dus fundamentalisties te wees.

Ek meen vaderskaptoetse vir apartheid sal 'n hele bos vol belhamels uitwys, maar een is beslis dié idee: dat Afrikaners God beter verstaan as ander mense. In 'n onlangse antwoord van Maartens op Seynaeve blyk iets van dié houding.

Ek meen Maartens se boek ondermyn die bedoeling daarvan, nl om aan tieners 'n beginselvaste bestaan voor te hou. Dit oortuig glad nie in die opsig nie.

Die boek se teikengroep is middelklas, blanke Afrikaanse jeug. (In teenstelling met sê maar Alba Bouwer se Abdoltjie-stories sal kinders van "buite" nie aansluiting vind by die milieu van die boek nie.) Om 'n stel sedes, soos bv seks buite die huwelik is verkeerd, in 1990 voor te hou sonder om die onderliggende beginsels van daardie sedes te identifiseer en, waar nodig, in 'n veranderde historiese konteks te "vertaal", loop die risiko om tieners verward te laat. Hulle is tog onherroepelik aan die wêreldkultuur blootgestel.

Pleks van op raakpunte tussen 'n "moderne" lewenswyse en tradisionele Afrikaanse waardes te wys, skep Maartens die indruk die kloof is onoorbrugbaar. Tieners mag dink beginsels per se is nie met 'n praktiese bestaan versoenbaar nie.

Anders gestel, die morele beginsels in "sedes" moet herken word. As dit nie gedoen word nie, watter babatjie dink Maartens gaan met die rioflwater uitgespook word, mmm? Hare natuurlik, want praktiese realiteite soos dat jongmense nie sommer kan trou wanneer hulle seksueel ryp is nie, is hier om te bly.

Kortliks die verhaal: Elizabeth, 'n standaard 8-skoolmeisie van 'n provinsiale stad en haar troepie-kêrel het seks op die agtersplek van sy motor. Sy wou nie, maar kon hom nie keer nie. Sy "besef" nog dieselfde nag sy is swanger, en probeer in die daaropvolgende dae selfmoord pleeg.

Sy herstel na die miêrgif en besef, hoewel sy geskend is (deur haar kêrel wat haar maagdelikheid geneem het, nie die miêrgif nie), God het haar lief.

Die boek wil "goeie sedes" aan sy lesers verkoop en terselfdertyd ontslae raak van die reputasie dat die Bybel teen seks gekant is. Seks is goed en niks om oor skaam te wees nie, wil Maartens sê, maar nie voor die huwelik en beslis nie in motors nie.

Nou kom die stupid Belg en sê ons skryfster is naïef. Wil jy nou meer! Wel, naïef of nie, ek

## JAN KONTERDANS neem die jeugboekskrywer Maretha Maartens se omstrede blitsverkoper "n Pot vol winter" onder die loep

dink Maartens is gevaarlik. Sy vervreem jongmense van beginsels as sodanig, laat staan maar Christelike beginsels, en moedig sodoende permissiwiteit aan. Moet sy nie dalk onder kerklike tug geplaas word nie?

Nou kyk, natuurlik hou mens in gedagte dis 'n boek vir tieners. Hulle het 'n nog beperkte verwysingsraamwerk, so word gesê. Maar oënskynlik nie so beperk soos Maartens s'n nie.

Toegegee, 'n meisie in standaard agt wat so te sê verkrag word deur 'n jagse troep is uiters afkeurenswaardig. Maar om dit nou te gebruik as argument dat alle "seks buite die huwelik" sleg is, come on... Ons tieners is nie dom nie!

Menige een sal vra, wat van die sensitiewe jong man en vrou, so in matriek of ouer, wat geruime tyd al smoorverlief is op mekaar en om verskeie redes nie kan trou nie? Die situasie kom nie in die boek ter sprake nie want dis nie swart/wit genoeg vir ons skryfster om te hanteer nie.

Ontydige seks kan 'n lyding in 'n jongmens se lewe veroorsaak. Maar die oorsaak daarvan lê alte dikwels by die waardestelsel waarbinne die misstap begaan is.

Daarmee word nie gesê enige misstap is wesenlik goed nie. En sekere verkeerde dinge is in wyer kontekste as jou eie waardestelsel ook verkeerd.

Volgens Seynaeve hou seksopvoeding in haar land in gedagte dat "saam bed toe gaan" 'n logiese uiteinde in seksuele verhoudings is. Dit beteken nie noodwendig 'n in duie storting van moraliteit nie. Te oordeel aan die vlak van gespreke en denke by die Europese jeug is hulle seksmoraal meer genuanseerd as te lande en het dit alles behalwe weggeval. Dit pas net by hulle intelligensie.

Daar is byvoorbeeld gevaarlike dinge wat daar ontoelaatbaar is omdat dit onregverdig is teenoor vroue wat hier by ons nog toegelaat word.

Maartens se boek bevaagteken nie eens implisiet die waardestelsel waarbinne "voorhuwelike seks" 'n pynlike ervaring is nie. Kom ons kyk: na die redes waarom Elizabeth wou selfmoord pleeg:

1) Sy het gedink sy is swanger. Dis net die afwesigheid van seksopvoeding wat veroorsaak dat 'n meisie nie weet daar is 'n kans dat sy nie is nie. Haar jeug is nie 'n geldige rede nie. Seksuele repressie is die rede hoekom sy nie onmiddellik na 'n dokter is nie.

Hoewel Maartens die seksuele repressie by Afrikaanse skole uitbeeld, gee sy net voor om dit te kritiseer, of doen sy dit so halfhartig 'n mens kom dit nie agter nie.

2) Die "skande" as ouers en skool moet uitvind wat sy gedoen het. Maartens neem glad nie die taboe van "skande" onder die loep nie (en dis seker die oorsaak van menige tiener-selfmoord!).

Hoe oorleef Elizabeth die "skande" as haar selfmoord nie werk nie? Die gemeenskap (behalwe een vertroueling) en skool dink sy het selfmoord probeer pleeg omdat haar ouers gaan skei. Elizabeth se eer bly behoue omdat haar geheim bewaar bly. Hulle vind nie die regte rede uit nie. Die dokter wat swangerskaptoetse op haar doen belooft om nie haar ouers daarvan te vertel nie. Haar ouers, wat wel snuf in die neus kry, is te skaam om daaroor uit te vra.

So kom Elizabeth vry, maar so kom die

taboe van die "skande" ook skotvry. Die boodskap gaan uit: Elizabeth het seergekry want sy het daardie taboe uitgedaag. Met die taboe self is niks verkeerd nie.

3) Nog 'n rede vir haar wanhoop is omdat haar eerste seksondervinding "sleg" was. Weer die gebrek aan seksopvoeding se skuld. Nêrens in die boek laat blyk Maartens dit sal 'n goeie ding wees as openlike seksopvoeding meer ingestel word nie.

Dit sou Elizabeth toegerus het met die wete dat die "eerste keer" dikwels sleg is, en nie die einde nie, maar die begin van die wêreld.

4) Elizabeth voel sy het "alles op die berg weggegooi". Die "geldkoerswaarde van vroulike maagdelikheid" is 'n hoeksteen van die objektivering van die vrou. Maartens meen Elizabeth kan wel weer begin leef ondanks haar letsel (van verdwene maagdelikheid).

Terug uit die hospitaal kry sy 'n Persiese katjie van haar mense. Hy is pragtig, maar sê mamma, "jy kan hom nie vir katteskoue inskryf nie, want hy het 'n kinkel in die ster". Implikasie: Jy is steeds pragtig kind al kan ons jou nie meer vir katteskoue inskryf nie!

Ook die dokter se troos aan Elizabeth toe sy sê sy is bang haar ouers "vind uit". Sê hy, in so 'n situasie staan 'n ouer by 'n kind... soos wanneer "sy nie atletiekkleure gekry het nie". Implikasie: Elizabeth het nie die "goeie wedloop voltooi nie".

Die enigste rede vir haar wanhoop wat nie deur die Calvinistiese waardestelsel aan haar opgedwing word nie is dat sy so te sê verkrag word deur 'n naïewe, brutale kêrel. (En hier onderbeklemtoon die skryfster die brutale aspek ten gunste van meer moralistiese issues, soos dat 'n motor nie 'n goeie plek is daarvoor nie!)

Seksopvoeding sou egter die vryheid by meisies skep om te kan aandring op hul eie pas en seuns laat begryp dis infantiel om hul maats nie te begryp nie. Dis ondermeer 'n gebrek aan opvoeding wat sulke monstertjies soos Kurt skep.

Dit blyk Elizabeth se trauma kan hoofsaaklik na die tekortkominge in die "Christelike-nasionale" waardestelsel terugherlei word, en dis die koekies wat Maartens aan haar kinders wil verkoop!

'n Goeie voorbeeld van hoe afwesig 'n selfkritiese ingesteldheid by die skryfster is, kom in die volgende toneel na vore: Tant Hoender, Elizabeth se vertroueling, verduidelik die betekenis van seks aan haar. Wat vir haar so erg is, sê Tant Hoender, is dat jongmense wat seks beoefen dit doen terwyl "hulle so bang" is.

By Jove, wie se damn skuld is dit? Waar is die menslike waardes wat daardie "bangheid" moet wegneem? Beslis nie in Maartens se boek nie.

Dis nie net tov seks wat die boek slegte mites wil herbekragtig nie. Die mite dat die weermag 'n man van 'n seun maak, kom ook versluierd voor. As Elizabeth haar kêrel die eerste keer sien na hy weermag toe is, dink sy: "Dis asof hy langer geword het - of dan meer gespierd. Maar iets is anders, beter." Kurt, synde 'n Springbokfietsryer het spiere gehad voor hy weermag toe is. Die indruk ontstaan die "beter" verwys na beter selfvertroue, selfbeeld, persoonlike krag. Like Hell, ken Maartens die weermag? Dit het dié land tot op die randjie van sosiale psigopatie gebring.

En as daar in die boek sprake is dat die



Maretha Maartens

weermag iets met Kurt se onsensitiwiteit teenoor Elizabeth te make het, kom dit nie geslaag oor nie. 'n Uitstekende geleentheid om die brutalisering van oorlog by die jeug tuis te bring, het die skryfster deur haar vingers laat glip.

Nog 'n skadelike mite wat onaangeraak in die boek buitel, is dat wettige gesag iets is wat nie bevraagteken word nie. Vgl haar dialoog met die dokter:

"My ma-hulle maak my dood!"

"Hulle sal nie," sê hy.

"U sê sommer so," sê sy en weet dat geen pasiënt so durf praat met 'n professor nie!

Die idee van wettige gesag in 'n jeugboek is uiteraard nie verkeerd nie, maar sulke gefossiliseerde outoritarisme kan nie verskoon word nie. Die skryfster erken wel gesag is soms korrupt - in die karakter van Elizabeth se pa, die oewerspelige skoolhoof - maar niemand gaan hom teen in die boek nie.

As dit 'n Christelike boek is, hoekom nie kinders leer om soos Jesus te wees en gesag te bevraagteken nie?

Veral irriterend is die middelklas-milieu wat hom as die begin en die einde van die wêreld sien. Die skryfster probeer die stand se moraliteit verkoop as iets universeel. Sy staan glad nie daarbuite nie.

'n Paar opmerkings na aanleiding van dié bevangenheid (myns insiens):

1) Geboortebepaling deur middel van sedes werk slegs in middelklasverband, waar kinders minder is en beter gekontroleer kan word. Afrikaans is nie uitsluitlik, selfs grotendeels, 'n middelklastaal nie.

2) "Skande" blyk meer 'n middelklas-reguleringsmeganisme te wees. Werkersklasgemeenskappe het nie die privaatheid waarin so 'n konsep behoorlik kan funksioneer nie. Dis ou nuus hoe klaaglik middelklasbeginsels in werkersklasgemeenskappe misluk, al probeer hulle so hard om dit te verwesenlik.

Die waardestelsel waarmee die boek smous, resoneer gewoon nie in die praktiese werklikheid van vandag nie. Maartens wys nie hoe Christelike beginsels in 'n hedendaagse konteks kan "perform" nie, eerder hoe hulle afsteek. So 'n slegte verkoopsdame!

Sy "vertaal" nie haar beginsels in hedendaagse terme nie, en dit kan gedoen word. 'n Voorbeeld van so 'n "vertaling" van die huweliksbeginneel vind tans plaas in Amerika, waar houe saamblyery onder sekere omstandighede sien as 'n verbintenis net so ernstig soos die huwelik, met gepaardgaande verantwoordelikhede wat nie ontduik mag word nie. Baie mense moes seker hiervoor geveg het, want goeie beginsels bly nie vanself staande nie.

Maartens se "updated" vertolking van Christelike beginsels laat 'n mens dink aan die eerstejaartjie wat gedink het hy kan maar net o. en a agter aan elke Engelse woord voeg, en siedaar, hy sal sy Italiaans-eksamen slaag!

Wat ons hier het is Calvinisme in "drag", die ou Beer homself met lipstiffie op. Sulke opgesmukte fundamentalisme wat in 1990 nog paradeer as hedendaags is om van siek te word. En dan is dit nog 'n goeie skrywer wat dit doen ook. Ag nee wat.

Jan Konterdans is 'n vryskutjoernalis van Johannesburg.



# Matthews se put: vergiftiging of vergiffenis?



James Matthews... 'n hedendaagse renaissance-mens  
(Foto: Jimi Matthews)

## POISONED WELLS AND OTHER DELIGHTS

A collection of feelings  
Deur James Matthews  
Blac Publishers (R10,00)

### MARI WESSELS

TYDENS Weekly Mail se Boekeweek-debat, "Sticks and Stones: Writing and Violence in South Africa", in die Baxter-konertsaal in Kaapstad het 'n stem uit die gehoor 'n oordeel gevel: "Julle praat kak!"

Wie anders as die aarts-individualis James Matthews, digter, skrywer, uitgewer en, veral, doener van eie ding. Uitgeva oor die Baxter-vooral, is hy geensins boetvaardig of verleë nie. "Dit is wat hulle gepraat het. Hulle kon dan glad nie by die onderwerp hou nie!"

James Matthews, sixtysomething, is moontlik Suid-Afrika - en veral Kaapstad - se weergawe van die hedendaagse Renaissance-mens. 'n Drop-out uit die skool met 'n helder verstand en formidabele talent. Ses maande in Victor Verster. Hy maak daar nie veel van nie. "Ag, die eensame opsluiting was nie vir my so onaangenaam nie. Ek kon elke dag 'n warm stortbad neem; waar ek nou bly, het ek nie warm water nie. En daar is maniere om te kommunikeer met ander mense, selfs in eensame opsluiting. Saans so teen sonder het ons gewoonlik gesing. Dit het altyd begin by 'n sekere sel in die hoek en dan na al die ander selle versprei. Dit was aangrypend - en 'n uitstekende manier om met jou vriende in voeling te bly. Die bewaarders, hoe hard hulle ook probeer het, kon nie almal gelyk stil kry nie."

'n Mens kan jou nie voorstel dat hy op enige ander plek in die wêreld gebore en getoë kon gewees het as juis in Kaapstad nie. As 'n sogenaamde Kleurling, voel James dat hy verteenwoordigend is van al die kosmopolitiese menslike bestanddele wat in die Suid-Afrikaanse smeltpot beland het, sowel die inheemse as die uitheemse. Hy is glad nie daarteen gekant dat hy as 'n hell-raiser beskou word nie, maar dié wat hom ken, weet hy is ook sensitief, deernisvol en behulpsaam. James, wie se tingerige voorkoms verbasende innerlike krag en weerstandsvermoë verberg, is ook 'n vader van formaat. Hy het sy vier kinders sonder hulle ma grootgemaak - "nie alleen nie; die hele straat het gehelp" - vandat die jongste maar agtien maande oud was. Een van sy drie seuns, Jimi, wil 'n kort dokumentêre rolprent oor hom maak.

Feitlik al Matthews se boeke is in Suid-Afrika verbied, wat hom gedwing het om oorsê te publiseer. Dáár het sy werk 'n groot impak gehad en hy word deur vele akademiese as verwysing gebruik.

Matthews het in die vyftigerjare begin skrywe en het deur die jare heen deurentyd werk gelewer.

'n Exile was James nooit. Maar sy boeke was; dit was die enigste manier om sy werk uitgegee te kry. Gedurende die sestigerjare het hy dit sterk oorweeg om Suid-Afrika te verlaat en in ballingskap te gaan, soos soveel ander skeppende kunstenaars wie se werk in Suid-Afrika deur die sensors as ongewens beskou is. Maar hy het eendelik besluit dat hy hier moes bly om die stelsel te beveg op enige manier wat hy kon. Die stelsel het teruggeveg. Sy boeke is verbied. Hy is 'n paspoort geweier.

Nadat soveel van James se werk - in daardie stadium hoofsaaklik prosa - verbied is - "To have your work banned, must be like having a child aborted" - het hy aan die einde van die sestigerjare na poësie oorgeslaan. Dit was nie 'n natuurlike proses nie, maar 'n bewuste besluit wat hy geneem het in 'n poging om sy werk aanvaar te kry in sy eie land. Die resultaat was "Cry Rage" (met Gladys Thompson) en - na geweldige opslae, onder andere 'n debat in die

Parlement oor die vraag of poësie ondermynend kan wees - is dit tog verbied. Dit was die eerste digbundel wat in Suid-Afrika as ongewens beskou is. Die boek was egter 'n groot sukses in Europa.

Omdat James se werk so stelselmatig in Suid-Afrika verbied is, is hy so onbekend in sy vaderland dat daar by die onlangse voorstelling van sy digbundel "Poisoned Wells and Other Delights" nie 'n enkele verteenwoordiger van die media was nie. In die buiteland word hy hoegenaamd nie op so 'n wyse verontagsaam nie. Hy kry dikwels uitnodigings van verskillende lande wat hy nie kan aanvaar nie, omdat hy geen paspoort besit nie.

Hy is vanaf die begin van sy skrywersloopbaan meer as twintig jaar lank 'n paspoort geweier. Hy moes gefrustreerd tuisbly en uitnodigings na konferensies, boekeskoue en ander geleenthede van die hand wys. Hy is daardeur ook regstreekse kontak met ander skrywers in die buiteland ontnem. In 1980 het die regering hom wel 'n paspoort toegeken op aandrang van die Wes-Duitse regering, sodat hy as gas die Frankfortse boekeskou kon bywoon; maar na vyf jaar is dit nie hernieue nie. James Matthews is tot vandag toe nog sonder 'n paspoort.

Ongeveer drie jaar gelede, vertel Matthews, het die polisie sy huis deursoek na sy seun Jason wat nie daar was nie. Hulle het toe al sy dokumente en notas verwyder en hom en sy seun Quentin vier dae lank aangehou. Daarna is hy aangekla weens die besit van ondermynende literatuur.

Na 'n uitgerekte saak wat meer as twee maande geduur het, is hy onskuldig bevind, maar notas wat hy in Duitsland gemaak het en waarop hy 'n roman en 'n bundel kortverhale wou baseer, het hy nooit teruggekry nie. Ook nie 'n litografie wat waarskynlik uniek in Suid-Afrika is nie, 'n collage van geskrifte van die president van Guinee-Bissau, foto's en uitknipsels. (Kan Matthews se werk tog nie moontlik iewers in 'n kluis toegesluit wees nie? En as dit is, kan hy nie dalk sy eiendom terugkry nou dat die "Nuwe Suid-Afrika" hier is nie, sodat hy boeke kan skryf wat ons almal mag lees?)

"Poisoned Wells and Other Delights" het onlangs verskyn. Sy ander boeke sluit in die digbundels "Cry Rage" (met Gladys Thompson), "Pass Me a Meatball, Jones (feelings gathered while held in detention in Victor Verster Maximum Security Prison Paarl, Sept - Dec 1976)" en "No Time for Dreams", en die bundel kortverhale "The Park and Other Stories" sowel as die teks van George Hallett se foto-boek, "Images". Almal is uitgegee deur Blac-uitgewers, Matthews se eie uitgewery.

Blac het in 1989 ook "Siren Songs", 'n digbundel geskryf deur vroue (elkeen het tot drie gedigte bygedra), gepubliseer.

Dit moet as 'n moderne wonderwerk beskou word dat iemand wat nie eens 'n telefoon, elektrisiteit of 'n woonadres waar 'n brief afgelewer kan word, besit nie, nogtans digbundels kan uitgee. Die meeste groot uitgewers is uiters versigtig om dit te doen, omdat digbundels gewoonlik nie finansiële groot suksesse is nie.

Die werk wat oorsê gepubliseer is, sluit onder andere twee romans in wat net in Duitsland verskyn het. (Hoekom nie in Suid-Afrika nie, James? "Dis net nog 'n teken van my befoeterdheid.") Drie vertaalde digbundels is ook in Duitsland uitgegee.

Daarby is sy werk wyd vertaal, onder andere

in Frans, Nederlands en Japannees; Allan Boesak het "Cry Rage" wat tot onlangs nog in Suid-Afrika verbied was, in Nederlands vertaal en dit was 'n groot treffer oorsê.

"Poisoned Wells" bestaan uit 77 kort gedigte of "feelings", soos Matthews hulle noem, saamgesnoer deur die tema van mense wat uit "poisoned wells" drink en die krag van een of ander aard wat hulle daaruit put.

Dit lyk byna asof James se vergiftigde putte sekere van die eienskappe van die Styxrivier wat in die Griekse mitologie voorkom, besit. Dit was die rivier wat die gestorwenes moes oorsteek om in die hiernamaals te kom en het groot kragte van velerlei aard gehad. Die godin Thetis het haar seun Achilles, wat halfmens/halfgod was, daarin gedoop om hom onsterflik en onkwetsbaar te maak - maar die hakskeen waaraan sy hom gedurende die doopproses vasgehou het, is nie deur die water geraak nie. In die Trojaanse Oorlog is hy daar gewond en het gesterf.

James se mense het nie Achilles-hiele nie. Hulle drink water (of is dit dalk 'n elikser?) uit die vergiftigde putte en word sterker, moediger, vryer, meer deernisvol. Oral is tekens van groei van een of ander aard; hoe woedend, ontsteld, verskeur hy ook al aan die begin van 'n gedig is, teen die tyd dat James - en die mense waarvoor hy skryf - teue uit die put gedrink het, het die positiewe oor die negatiewe geseëvier.

Die bundel wemel van uitdrukings van woede, bitterheid en selfs wanhoop oor die "overlord", die "oppressor bloated with arrogance" met sy "casspirs/ and rubber bullets" (p 68) en "armoured mounts" (p. 64) "turning/ lives into heaps of dying" (p 76). Alle onderdrukte, digters, dorpsgemeenskappe, kinders, gevangenes, broers, susters, moeders, vaders, sigeuners, geliefdes, huweliksmaats, martelare, skrywers, die mense van Mamelodi, Belgraviaweg en KTC, kreupeles, die paar oorblywende San, beeldhouers, sangers, musici, kunstenaars, vryheidsvegters, patriotte, exiles, veroordeeldes, dooies en selfs die natuur word opgeroep "to rid our land/ of the white blight" (p 37); "for release/ from racist pestilence" (p 29).

'n Paar gedigte word aan spesifieke mense gewy: Imam Haron ("his bones broken/ his blood fountained"); Nina Simone; Bessie Head; Basil Coetzee.

In sommige gedigte val die digter meer regstreeks en persoonlik 'n blanke (en sodoende alle blankes) aan; op bladsy 14 vra hy of 'n "blood-spattered scarf" 'n "covering for/ pale pink guilt" is en beskuldig die persoon wat dit dra: "you intrude upon/ sorrows we share/ inflicted upon us/ by faces pink/ pale as yours".

Maar dié gevoelens van absolute verwerping word telkens getemper deur oomblikke van versoening en toenadering, tekens van vergiffenis: "black feet/ joined by feet of other shades/ washed in water drawn from poisoned shells" (p 11); "you with/ your white face/ ...walking with us/ you, too, are/ another drinker from/ a poisoned well" (p 15); "find friendship of my kind/ together we shall be a band/ of each and every colour" (p 17).

Anders as soveel van die "protes"-digters wat hulle nie van die pyn kan losmaak nie, slaag Matthews daarin om verby die struggle, verby die hartseer, die onreg, die woede en selfs die verminking en dood te kyk in die besef dat die mens se intrinsieke waarde nie in velkleur geleë is nie: "oppression chains forged from pigmentation at/ an end/...as flesh of

many shades reach out/ in trust" (p 77).

Jimi bevestig dat Matthews sy kinders van vroeg af geleer het dat dit nie blankes of Afrikaners as sodanig is wat pyn en lyding veroorsaak nie - onder die mense wat by hulle aan huis gekom het, was Uys Krige en Jan Rabie. 'n Mens kan nie op grond van etnisiteit beoordeel word nie, het hy gesê, want daarvoor is jy nie verantwoordelik nie. Maar politieke affiliasie is 'n bewuste keuse. Hy was dus nooit anti-blank nie, net anti-stelsel. En anti-kollaborateurs.

Die gedig wat vir Matthews moontlik die belangrikste is in die hele bundel, is die eerste: "freedom owns the poet's soul". Nóg 'n mantel van ideologie nóg wetgewing sal die omvang van sy stem, wat soos die stemme van voëls van alle soorte opklink in "freedom songs", beperk. Individualis wat hy is, behoort hy nie aan verenigings nie en laat hy hom nie voorskryf nie.

So is hy nie bevrees om ook kritiek te lewer op die "fighters of freedom", die mense met wie hy saamvoel, die onderdrukte wie se stryd hy stry, wanneer hy nie met hulle optrede saamstem nie: "freedom's quest obliterated/ by bloodlust freedom-seekers"; "parlour patriots/ ensconced on leather couches/ sipping sherry shouting viva" (p 60).

Veral aangrypend is die gedig op bladsy 43, waarin hy die angsk uitdruk van diegene wat "the desolation of detention cells" ken: selfs "the pots on the stove tremble in terror" en hy voel die "flinching of my flesh" by die gedagte dat hy dalk weer gevange geneem gaan word.

Godsdienste, en veral die Christelike godsdienst, is een van die temas wat telkens weer na vore kom soos in "i am a lamb/ by a judas goat beset" (p 17). Hy gebruik die kruis met groot vaardigheid om verskillende denkbearde uit te druk: "more nails added to the cross... cross heavy with declaration" (p 23); "chains become crosses" (p.36); die hartverskeurende "their shoulders necklaced/ with fire transforming them/ into blazing crosses" (p 52); "there will be many crosses planted in/ our land... each cross a light" (p 72).

Die illustrasie op die buiteblad deur Mario Sickle word in die bundel herhaal op verskeie plekke om in die ingeslote dele 'n gemeenskaplike tema aan te dui. Die gedigte tussen bladsy 31 en bladsy 42, die middelste gedeelte, is volgens die digter gemoeid met die gebrek aan liefde, die verlies aan liefde, liefdelose eensaamheid, "the killing of kindness", selfs die algehele vervlakking van die liefde: "they placed affection on/ a credit card/ programmed it that people/ would turn into robots" (p 34).

In dié digbundel waarin daar vriendskap, woede, angsk, pyn, opstandigheid, deernis, krag, simpatie, liefde, eensaamheid, moed en feitlik alle ander emosies in oorvloed te vinde is en waarin die menslike toestand, wat die dood insluit - dus die hele rykdom - 'n menslike ervaring - behandel word, is hoop die belangrikste element.

Dit is miskien gepas om die digter self die laaste woord (p 65) toe te laat: dié bundel is 'n "hallelujah to life".

\* Blac-uitgewers se adres is: Postbus 90, Athlone, 7760.

Mari Wessels is 'n Kaapse vryskutter: redakteur, vertaler, joernalis. Twee van haar gedigte het in "Siren Songs" verskyn



# Lees maak jou weerbaar teen verkragting

## DE LUST TOT LEZEN

Nederlandse dichters en het literaire sisteem  
Deur Maaïke Meijer  
Sara/Van Gennep

## ENA JANSEN

WIE nie tydens die tagtigerjare in Suid-Afrika sogenaamde "grensliteratuur" geskryf het nie, het nie eintlik 'n kase kans gehad om uitgenooi te word na literêre byeenkomste of om gereken te word tot die "mainstream" van daardie oomblik nie. Hierdie tydgenootlike belangstelling in mense soos Strachan en Krüger se stories, het sekerlik sy neerslag in die literatuurgeskiedenis wat oor die tydperk geskryf word: skrywers wat soveel media-belangstelling kry, blyk noodwendig later die beste gedokumenteer te wees. Die gevolg: dit word Kannemeyer-kos en 'n nuwe stroming staan daarná so verstar soos 'n paal bo water, 'n rots in die branding, dat niemand die minder opspraakwekkende "grensverleggendes" meer raaksien of later eintlik onthou nie. Die kanon is die kanon is die kanon - in Suid-Afrika en overall.

Enigiemand wat bekend is met die Nederlandse literatuur, die kanon daar, weet sekerlik van die groep digters wat hulleself as die Vijftigers, die eerste belangrike na-oorlogse generasie, aangekondig het: met manifeste, met Lucebert as Keizer, met happenings in onder andere die Stedelijke Museum wat as skandalig beskryf en deur die burgemeester van Amsterdam geboikot is. Saam met Lucebert is Hugo Claus, Simon Vinkenoog, Gerrit Kouwenaar, Remco Campert, Hans Andreus en Bert Schierbeek vandag nog van die bekendste name in die Nederlandse poësie. Sekerlik tereg, maar tog ten koste van ander. Want die poëtiese revolusie wat buite dié groepie om in Nederland plaasgevind het, is deur die prominensie wat die radikale vernuwers Luceberten klie gekry het en wat deur die literatuurgeskiedenis ook so oorgelewer is, nooit onderken nie.

Digters wat binne 'n ander poëtika ontwikkel en meer tradisioneel skryf, is misgekyk en steeds net oppervlakkig beskryf in soverre hulle nie voldoen aan die norm wat deur die eksperimentele Vijftigers gestel is nie. Hierdie gang van sake is 'n tyd gelede deur Maaïke Meijer in haar opspraakwekkende proefskrif "De lust tot lezen" beskryf. 'n Posing om aan vergete digters hulle eie kompleksiteit en 'n volwaardige posisie terug te gee, is die gevolg van Meijer se opgrawe-werk met haar ratse vastrap en nuwe pienk skopgraaf!

Maaïke Meijer: "Ik wilde eens kijken, water behalve de Vijftigers in die jaren vijftig was. Dat waren heel veel vrouwen en wat me bij hen opviel was dat ze allemaal depressieve verzen schreven. En het viel me ook op, dat alleen vrouwen depressieve verzen schreven. Misschien is Hans Lodeizen de uitzondering op die regel, maar zijn melancholie haalt het toch niet bij dat echte sombere, zware van Ellen Warmond: 'Zodra de dag

als een dreigbrief in mijn kamer wordt geschoven.' "Die wanhoop, dat absolute dieptepunt waar het bij Hanny Michaelis ook vaak over gaat, dat heb je bij mannelijke dichters niet zo. Die kunnen agressief zijn, nihilistisch, ze werpen de agressie naar buiten, terwijl melancholie en depressie alles stilleggen." 'n Bewustelik onbevangende manier van lees bring MM daartoe om "De grote melancholie" as 'n nuwe stroming van die vyftigerjare te omskryf. "De lust tot lezen" kan daarom as 'n "inhaalmanoeuvre" gesien word.

Meijer meen dat blanke manlike middelklas resensente in Nederland in alle opsigte die lakens uitdeel. Mense soos Kees Fens en JJ Oversteegen van die "smaakvormende" tydskrif Merlyn (1962-1966) het volgens haar 'n kanon van die Nederlandse na-oorlogse literatuur opgestel wat uitsluitend uit mans bestaan. "Die Merlyn-mense het die literêre tradisie gemaak, na hulle beeld en gelykenis. Dat hulle mense soos Hella Haasse en Anna Blaman geïgnoreer het, vind ek 'n skandaal." Want sedertdien is hierdie gekanoniseerde name nooit bevraagteken of minstens plek langs hulle ingeruim vir dié wat toe geïgnoreer is nie.

Dit sal duidelik wees dat Meijer vanuit 'n feministiese standpunt skryf. Eers was sy van plan om 'n nuwe literatuurgeskiedenis van die werk van moderne Nederlandse digteresse te skryf met as voorbeeld geskiedenis van vroueliteratuur wat die afgelope tien jaar in die buiteland verskyn het: Anglo-Amerikaanse standaardwerke soos "A Literature of their Own" van Elaine Showalter en "The Norton Anthology of Literature by Women" van Sandra Gilbert en Susan Gubar. Sy wou begin in 1935, die tyd waarin Vasalis, Ida Gerhardt en ook Elisabeth Eybers ("wiens werk ik politiek vertrou") begin publiseer het.

Gou het sy agtergekom dat dié digteresse werk byna gladnie ernstig beskryf is deur die Nederlandse kritiek nie en besef dat daar 'n rede moet wees waarom nie. Van die mistieke Vasalis is byvoorbeeld gesê dat sy eenvoudig en toeganklik is en hierdie vasstelling het daartoe gelei dat haar werk, nes dié van ander digteresse soos Neeltje Maria Min en Elly de Waard, veels te gemaksgtig en oppervlakkig geïsoleer en uit die hoofstroom gehou is. Daarin wil Meijer verandering bring. Deur die knuppel polemiserend in die hoenderhok te gooi, maar veral ook deur 'n vitale en verleidelike ander manier van lees, van interpreter.

In die tweede hoofstuk van haar boek, waar sy beland in wat sy die "jungle van teorie" noem, pleit sy daarvoor dat 'n interpretasie van 'n gedig dit nie moet makmaak of "domestiseer" nie - baie gangbare

interpretasietegnieke is skynbaar juis ontwerp om dié wat vir 'n leser intrigerend, verontrustend en vreemd aan 'n gedig is, "vakkundig" daaruit te vervreem. En dit mag volgens Meijer nie. 'n Interpretasie moet beskryf hoe 'n gedig jou taal- en denkstrukture aan die wankel kan bring, hoe dit jou ontvoer en ontwrig. Hierdie manier van lees noem sy - in navolging van Barthes en Sontag, natuurlik - die erotiek van lees.

Die "Lust tot lees" van haar proefskrif se titel het naamlik alles te doen met erotiese luste en brandende begeertes en sluit aan by onlangse tendense in die feministiese literatuurwetenskap. Lank het die "onlus", die "splendid isolation", feministiese kritiek oorheers: die vroulike leser het haarself geprojekter as die slagoffer van 'male-identified' literatuur en gekonsentreer op die uitwys van seksisme in gekanoniseerde tekste. Dit verander wanneer onder andere Judith Fetterley in "The Resisting Reader" (1978) in opstand kom teen wat sy beskou as die gedwonge kulturele vermanliking van vroulike lesers waardeur hulle verlam word in 'powerlessness which results from the endless divisions of self against self. Fetterley lê haar eger nie daarby neer nie en noem haar boek 'n 'self-defense survival manual for the woman reader'!

Sy herskep die 'closed conversation' van die literêre kritiek tot 'n 'active dialogue' deur die 'resisting reader' te propageer. Hierdie opstandige leser is die teenpool van die instemmende, die 'assenting' leser wat passief volg wat die retoriese strukture van die teks aan haar oplê en wat die dominante literatuurkritiek, die Merlyn-manne haar/hom vra om mooi te vind.

Meijer pas Fetterley se teorieë aan. Sy onderskei nie slegs tussen manlike en vroulike lesers nie, maar ook tussen blanke en swart lesers, hetero- en homo/lesbo-lesers. Poëtiese leesgenot is volgens haar nie in stryd met die politieke sy van literatuur nie. "Die kultivering van die leesenskuns maak jou weerbaar teen kulturele verkragtingspogings," meen sy. Meijer maak nou 'n verskil binne die kategorie toestemmende of 'assenting' lees, tussen 'n gemanipuleerde leser en 'n erotiese leser. Die gemanipuleerde leser laat sigself deur die teks meevoer sonder dat s/hy daartoe bewustelik toestemming verleen.

Dié lesers is passief omdat hulle aan die teks die volledige mag oor die leesproses gee. Die erotiese leser laat sigself willens en wetens verlei, en verlei ook self die teks-ander'. Sulke lesers is aktief. Hulle geniet en reflekteer oor die genot. Die verskil tussen hierdie twee vorme van instemming is volgens Meijer dié tussen verkragting en verleiding. Laasgenoemde laat jou lekker voel en maak

jou trots op waarvan jy hou. Jy is weerbaar genoeg om te kan erken dat 'n bepaalde soort poësie jou ontroer en ontwrig, en om te herken wáárom.

Sy meen dat 'n bewussyn van die subgroep waartoe jy behoort - vrou, man, wit, swart, hetero of homo/lesbo, sosialisties of liberaal, ens ens - meer omvattende betekenis kan produseer as wanneer lesers voorgee dat hulle "neutraal" is. Lees is gebonde aan konvensies en posisies, en daarom moet lesers nadink oor die faktore wat 'n spesifieke betekenisgewing moontlik maak. Interpretasie het naamlik altyd 'n pre-refleksiewe en 'n refleksiewe vlak: hartstog en analise, vervoering en 'n metabewussyn daaroor. Daarom kan 'n gedig 'n plek van bewuswording wees: 'n laboratorium waar die leser die grense van begripsvermoë kan toets: van sigself en van die interpreterende gemeenskap waartoe s/hy behoort.

Vanuit dié perspektief werp Meijer 'n verrassende lig op aktuele kwessies soos seksisme in kritiek, homoteksualiteit en die relasie tussen wit lesers en swart tekste. Wanneer sy nou die korpus literatuur herlees wat in die vyftigerjare verwaarloos is, probeer sy haar ontdoen van die gekanoniseerde standpunte oor daardie tekste. Deur poësie, kritiek, literatuurwetenskap en feminisme op mekaar te betrek, reken Maaïke Meijer af met die idee van Die Een (lees manlike) Literatuur. Sy skets 'n pluralistiese beeld van verskeie literêre kringe of circuits wat langs mekaar bestaan: elk met eie outeurs, 'n eie publiek en 'n eie kanon. Migranliteratuur, homoliteratuur, vroueliteratuur en kinderliteratuur kan dan gesien word as aparte



**Maaïke Meijer... Probeer om aan vergete digters hul eie kompleksiteit en 'n volwaardige posisie terug te gee**

tradisies, elk met 'n eie ontwikkeling. So 'n teorie van 'n literêre polisisteem sal beslis ingrypende gevolge kan hê vir die geskiedskrywing van die Nederlandse literatuur.

Die Afrikaanse letterkunde het baie vroue wat meedoen, wat prominent aanwesig is: van MER se dae af. Daar's die Elisabette, die Elize's, die Elsa's. Hulle digen en skryf romans en kritieke, kry pryse en dik hoofstukke in die geskiedenis. Miskien is vrouens in die lettere vreemd genoeg nie so 'n miskende groep in die tog veel tradisioneler Afrikaanse omgewing nie. Maar Maaïke Meijer se provokerende proefskrif laat jou beslis wonder oor die onbekendes, dié wat net 'n enkelins-verwysing in die geskiedenis het tot nou toe. 'n Waardesisteem is altyd gekleur deur die tydgees en daar kan sekerlik nog gate van ontbrekende betekenaars êrens te vul wees - mits jy die lus het om jou deur die onbekende te laat verlei en te weet hoekom dit vir jôú lekker is.

*Ena Jansen is verbonde aan die departement Afrikaans en Nederlands by Wits en doen op die oomblik navorsing oor Elisabeth Eybers*

## BOOK PRODUCTION AND MARKETING MANAGER

Join a dynamic team in a rapidly expanding academic publishing house. Wits University Press is looking for someone to take charge of its production control, liaising with typesetters, printers and designers. The candidate will also have to supervise promotions and monitor a sales team.

We are looking for someone with technical expertise in book production and design with a knowledge of book costing and a sound knowledge of the SA book trade. Design skills would be an added advantage.

Salary negotiable within the range: R23 715 - R43 290 per annum depending on qualifications and experience.

Benefits: 24 working days leave, plus period Christmas to New Year, sport, canteen and library facilities.

Submit applications with the names and addresses of 2 employer referees to University of the Witwatersrand Personnel Office, P.O. Wits, 2050 by 31 December 1990.



**WITS UNIVERSITY**

Facing the challenges of the future today.



# OTOHĖN

# Die nuwe joernalistiek van glasnost

## THE BEST OF OGONYOK

*The New Journalism of Glasnost*

Vitaly Korotich (red)


William Heinemann (Nog nie in Suid-Afrika beskikbaar nie)

## MAX DU PREEZ

"Dit is tyd dat mense die koerante kalm begin lees en dit aanvaar as 'n moontlike weergawe van die waarheid." - Vitaly Korotich, redakteur van die Moskouse tydskrif Ogonyok, in 1986.

KOROTICH was reg. 'n Jaar later het sy omstrede tydskrif se verkope verdubbel tot 'n miljoen en twee jaar later tot drie miljoen. (Twee jaar gelede is intekening op Ogonyok vir twintig keer die gewone prys by die Odessa-filmfees verkoop.)

Vandag loop dié weeklikse geïllustreerde tydskrif heel voor met die fakkel van glasnost: dit is 'n konstante uitdaging van die establishment;



Vitaly Korotich... "Vandag keer ons terug na die boesem van die mensdom."

(Foto: Novosti)

## Conversation with my Son

### YURI PAPOROF

I have been reading our periodical press for many decades now, yet I have never noticed. Or rather I couldn't not notice, but I never stopped to think about it.

Until yesterday. I was reading this year's first issue of the magazine Village Youth, and my eye was caught by the familiar logo on the bottom of the inside cover: "Proletarians of the World, Unite!"

My eleven-year-old son, seeing me staring at it, leaned over and asked: "Who are these proletarians, Dad?" I started to explain, but this brought up yet more questions.

Luckily I was saved at this point by a ring at the doorbell, and my son's friend dragged him off for a walk.

Next morning I set aside everything else

and set off for the periodical room of the Lenin Library, where I discovered that the overwhelming majority of Soviet journals and newspapers open with the slogan. Even magazines such as Stud Farming and Equestrian Sport, Beekeeping, Cement, Tractors and Farm Machines, Pipeline Construction, Welding in Industry and How to Serve Your Community.

Unfortunately none of this helped me to answer my son's question. Indeed, it only confused matters, since several journals published in Russian, and read by no one but Sovietologists and Soviet citizens, carry the call, but it is missing from publications specifically addressed to the world proletariat, such as Soviet Union, Soviet Woman, New Times, Foreign Trade, History of the USSR, and Peoples of Asia and Africa.

"Proletarians of the World, Unite!" Deriving from Marx and Engels, this was adopted in

1847 as the slogan of the Union of Communists, it crowns the text of the Communist Manifesto, and is the slogan of the Soviet Communist Party and the international Communist Movement. Its meaning is clear to all, a short utterance, providing a guide to thought and action.

So far, so good. And yet... Why is its use so inconsistent, so unsystematic, and so unintelligent? Why must we turn slogans into mere ornaments?

And how was I to explain the whole thing to my son in such a way that he wouldn't get into trouble at school?

I returned from the Lenin Library with no clear answers for my son, and I await answers from other Ogonyok readers better than I.

- From "The Best of Ogonyok". Published in Ogonyok no 9 of 1989.

'n ontbloter van die reusagtige burokrasie; 'n herskrywer van die geskiedenis; 'n slagter van heilige koeie; 'n prikkeling tot groter progressiwiteit in die kunste en letterkunde; 'n ontleder van die nasie se psige.

En bowenal die kampvegter van vrye spraak, die reg om te weet en die demokrasie.

Korotich het al gesê hul taak is "om die brein van die nasie weer op te bou", maar Ogonyok is nie net vir die intellektuele elite nie. As die stukke in "The Best of Ogonyok" 'n goeie voorbeeld is van wat in die tydskrif gepubliseer is, het Ogonyok 'n goeie resep ontdek om ernstige, stewige materiaal te gebruik en dit hoogs toeganklik aan te bied.

(Ag, wil publikasies hier by ons dié resep ook maar ontdek. Die enkele swaar publikasies wat daar wel is, verveel 'n mens tot die dood en die res glo mos ons stel meestal belang in Bles en gesinsmoorde en Jannie-slaap-by-Sannie.)

Synde 'n slagter van heilige koeie en uitdager van die establishment, volg dit natuurlik (sal ons hier dit nie weet nie!) dat Ogonyok heelwat vyande het. Publikasies soos Our Contemporary, Young Guard en Moscow vaar gedurig skerp uit teen Ogonyok, en so ook die reaksionêres in die Party en die regering. Ogonyok is die populêre teiken van die tradisionaliste, die Marxistiese dogmatoloë, die anti-Semiete en die offisiere van die weermag, polisie en veiligheidspolisie.

Miskien het die mooiste voorbeeld van die kritiek op Ogonyok gekom in 'n brief in Pravda van tien vooraanstaande kulturele figure wat die tydskrif genoem het die "skuim wat borrel op die kors van die magtige stroom van vernuwing".

Korotich en Ogonyok staan uit die aard van die situasie in die Sowjet-Unie na aan Mikhail Gorbatsjof. Maar ook nie te na aan hom nie, en verlede jaar het Gorbatsjof op 'n keer skerp uitgevaar teen Ogonyok se kritiek op die stadige pas van hervorming.

Heelwat van die kritiek op Ogonyok draai natuurlik om Korotich self, want hy was die een wat die tydskrif op sy nuwe baan geplaas het, en bly die simbool daarvan.

Ek het Korotich onlangs in Londen op televisie gesien, waar ek ook die boek gekoop het. Hy is gebore uit 'n familie van intellektuele in die Ukraine, waar hy baie gewild geword het as 'n huisdokter met 'n wonderlike gawe vir diagnose. Hy het dit laat vaar om 'n voltydse digter en skrywer te word wat al 'n Sowjet-staatsprys gewen het (daar is hoop vir jou, Etienne van Heerden). En die joernalistiek was 'n natuurlike verdere stap.

"Ons het skielik gesien ons moet sterf of verander," sê hy. "Ons het by 'n dooiepunt uitgekom. Ons het geleer om demokrasie te wil hê en ons het die wil aangeleer om te lewe sonder om deur swaarkry uitmekaar te breek. Dit is die wet van ontwikkeling van enige gemeenskap. Vandag keer ons terug na die boesem van die mensdom."

Dat "The Best of Ogonyok" nog nie in Suid-Afrika beskikbaar is nie, is 'n ernstige refleksie op ons uitgewers, boekhandelaars en invoerders van boeke. Die radikale winsjesus het helaas in dié bedryf ook die Groot Messias geword, en Lees soos in Lees suig aan die agtertiet. (Dit is omtrent al wat 'n besoek aan 'n toenemend klasse-verrotte, seedy Londen (rus in vrede, Maggie) deesdae die moeite werd maak: die ongelooflike verskeidenheid boeke wat daar teen redelike pryse te koop is.)

Want die parallele tussen die spreekwoordelike Boere en Bolsjewiste en perestroika en Pretoriastroika bly steeds fassinerend.

Gaan eis by jou naaste boekwinkel dat hy dié boek vir jou bestel.

Max du Preez is die redakteur van Vrye Weekblad

## Fyngetekende karakters met humor en patos

### MERAB'S BEAUTY AND OTHER STORIES

Deur Torgny Lindgren  
Collins Harvill (R34,99)

### CORNÉ COETZEE

'N SKANDINAWIESE wêreld. Plattelands, oor boere-dinge soos putgrawery, koeie met name wat met skemer huis toe kom, seisoene wat kom en gaan. Ouwêrelds, met die gevoel van opgehefte tyd wat die woord impliseer. Met karakters wat elk 'n baie spesifieke plek in die wêreld het, van 'n sekere dorp kom en familie van dié of daai is.

Oor dinge wat nie verbygaan nie: trou en ontou en owerspel, die mag van liefde, die sweet van die aanslyn, mense wat hul lewens in harde werk slyt.

Met 'n gedurige, sidderende bewustheid van die lewe as voorreg. Ook, soos 'n gebod wat hieraan gelyk is, die respek vir en obsessie met die woord.

In die mooiste spook storie wat ek nog gelees het, die titelverhaal: Gabriel se oorlede pa Conrad het teruggekom en slaan sy koeie met 'n stok oor hul kruise. Gabriel soek na die regte woord om die gees te besweer. Waarom kan hy nie die koeie in vrede laat nie, vra hy sy pa. "I can't bear to look at them... They are so well formed and handsome that I could weep when I see them... It is unreasonable that living creatures should be allowed to be as perfect as they are. ...They are so full of life," said Conrad. "The very sap of life, and it makes me furious when I see them."

'And then you feel obliged to hit them?'  
'Yes. Then I am forced to hit them.'...

Perhaps it was that the right word did not exist? Perhaps the right word against the misery of death, its need and its anguish was not a word of the sort that the mouth can utter?" (p81)

Die geloof in die krag van die woord word telkens in 'n ander situasie uitgelê. Die mees voor-die-hand-liggende is in 'The Word', waar die woord "tering" self die dodelike siekte dra. Dis nogal 'n vervelike storie, sigbaar 'n eksperiment, met sy verteller wat vooruit vertel wat die einde is en wat sy doel met die storie is. Maar wanneer dit nie so duidelik is nie, soos in 'Mercy', waar 'n prediker met woorde en vuiste veg om 'n siel te red, is die blote vaardigheid en vindigrykheid van die teks pure plesier.


Die laaste drie verhale kom kennelik uit 'n ander, later bundel. Die luim is anders, meer gesofistikeerd, en die Bybelse stemtoon klink ligter. Die bietjies fantasie wat in die eerste stories, soms as simboliek, gebruik word, is hier volkskaalse magiese realisme.

Dit is toeganklike, aangename stories. Lindgren bied geen verrassende nuwe wêreldblik nie - wel stil insigte, en bied sy galery fyngetekende karakters met humor en patos aan.

Corné Coetzee is 'n vryskut-joernalis en ma van twee dogters



# Hoe die Goue Spoor sy naam gekry het



Deur ANNA-GRIET VOIGT

TOE Jan en Alet nou alles op die plot probeer het, van kalkoene tot lusern en van skape tot slagvarke, het Jan besluit om te doen wat 'n ou oorsee glo gedoen het.

Begin 'n vakansieplaas op die plot maar begin net met die danse, somer plate. Die geld rol so in dat swembaddens en perde en 'n golfbaan en tennisbaan...

Maar eers moes daar verkoop word want hulle moes geld kry vir ordentlike meubels en 'n mooi netjiese skuur vir die danse. Alet het gehuil toe die Jood die ou portretrame koop en toe die Indiërvrou die doilies en hekelwerk van oorle Ma koop, Jan het gelate staan en kyk hoe die sendeling die stapel ou Bybels en gesangeboeke koop en die kinders die strokiesprente.

Maar geld is gelden die danse kon begin onder die deftige naam van die Goue Spoor.

Dis 'n naam van betekenis. Maar die naam van die Goue Spoor is eintlik eers gemaak dié aand toe Breker, Wreker en Streaker besluit het om Mollie, Pollie en Dollie te neem vir die sheepskin by die Goue Spoor (wat geadverteer het daar's danse en kultuurdrankies en volop plek buite vir gesellige en intieme verkeer...).

"Wat is kultuur?" het Breker gevra.

"Dis die dinge van die oumense waaraan ons moet vashou," het Streaker hom wise gehou.

"Wel, hier's dit dan seker mampoer en vaaljapie en blis," het Streaker gesê. "Ek verstaan dit nie. My oorlede oom is voor die hof gesleep vir die wittetjies en vandag gee hulle glo pryse daarvoor."

Alles sou maar die gewone gang gegaan het as Ramkat en Gauge nie besluit het om die aand ook te gaan nie, sonder stukke want die stories het stadigaan begin rondlê dat 'n mens 'n stuk vir die aand daar kan optel (én neerlê). En toe hulle die aand daar opdaag, het Mollie dadelik Ramkat se aandag getrek, maar Wreker het dit toe al lankal by sy maters uitgeklaar dat

dit sy stuk is.

En Mollie was nie onwillig nie.

"Wreker smaak jou," het Pollie gesê.

"Wel, ek mind nie. Gatkruipers van sy size verdien."

"Gatkruiper?"

"Ja, hy's mos in die myn," lag Mollie guitig.

"Hy noem hom mos self so."

"Hal Ha! Ha!"

"Check daai flerrie," het Ramkat vir Buks gesê.

"Los haar uit, pel, dis Wreker se stuk."

"Wreker biedem. Hier word nie stukke gereserve nie."

En dis wat hy op die dansende Wreker en Mollie afstap en sê: "Sorry, my pel, maar dis my dansie verder."

"Wat jy waar kry?" vra Wreker sagmoedig.

Ramkat hou die een vuis op.

"Sien jy my appel?" Hy hou die ander vuis op. "En sien jy my peer?"

Maar toe het Wreker al laat waai met sy hamme van hande en dis waar die free for all begin.

Buitekant kom Jan en Alet vir die eerste keer in aksie met die oproerstuiter wat vir hulle aanbeveel is deur die oorlede oom van Streaker.

Hulle trek die lekkerste dikhandskoene aan, vul sykouse met vuurwarm pap wat hulle saam met die braaivleis bedien en slaan die ligte af. Daar kom net so 'n dowwe lig in van die braaivleisvure (die idee van bring jou eie vleis en koop die kultuurdrankies het groot afrek gekry).

Sonder enige haas beweeg hulle na die vegtende Wreker, Breker, Streaker, Ramkat en Buks, en druk die kokende pap so deur die kouse op die koppe van die Basansbulle.


Natuurlik het dit in die plaaslike koerantjie verskyn, natuurlik het die dominees en skoolhoofde begin waarsku en die army gepraat van out of bounds.

Maar die naam van die Goue Spoor was gemaak.

Anna-Griet Voigt is 'n skrywer van Potchefstroom

## IGNATIUS BRAND

'n Nuwe novelle van  
RYK HATTINGH




Hierdie boek sê wat my betref wesenlike dinge oor die voorwaardes vir werklike verandering in hierdie land. Dit bied stigting vir almal wie se ore nog nêr, deur die genade, oop genoeg is om verby hul eie oorverdowende paradigmas te lûster na die gelulde van menslike eïndigheid...  
- Marlene van Niekerk in Vrye Weekblad.

Bestel NOU regstreeks van TAURUS,  
Posbus 39400, Bramley 2018  
Prys: R19,95 (AVB en posgeld ingesluit) of  
doen navraag by die naaste boekwinkel

## MUSIC FOR AFRICA

Salif  
Keita

Kasse  
Mady



S.E. Rogie

Ray  
Lema

Sankomota

Kgwanyape  
Band

### FROM AFRICA...!

Available at your nearest Record Bar or phone  
Shifty Records at 648-1893 or send R30 ea (incl. p.&p.) to  
Box 27513, Bertsham 2013



# Met net R10 kan jy lewenslank vir haar boeke oopmaak

R10 is nie juis baie geld nie — skaars genoeg vir 'n fliedkaartjie. Tog kan jy daarmee dié dogtertjie se lewe vir altyd help verander.

Sy's een van baie kinders in ons land wat sukkel om te lees en te skryf in skole wat eenvoudig nie genoeg boeke het nie. Boeke wat hul lewe verryk, boeke wat hulle help lees, boeke wat hulle leer van die geleenthede wat bestaan in dié groot wêreld.

As sy nie leer lees nie, het sy min of geen kans op 'n goeie betrekking. Min kans om ooit 'n beter lewe vir haarself uit te werk.

Maar met jōu R10 kan jy haar 'n heeltemal ander toekoms gee. Jy kan haar opvoeding en selfstandigheid help gee, die kans om haar kop hoog te hou.

Maak gerus 'n bydrae aan READ, die professionele organisasie wat dit vir alhoewel meer Suid-Afrikaners moontlik maak om 'n beter lewe vir hulself te skep.


READ voorsien boeke aan biblioteke en skole, gemeenskappe en nywerhede. En om te sorg dat die voordele voortduur, gee READ opleiding aan skoolpersoneel en gemeenskapsopvoeders. Die afgelope 10 jaar het ons 1 625 skole en gemeenskapsbiblioteke toegerus en meer as 40 000 mense opgelei om die goeie werk voort te sit.

Jou skenking, hóé klein ookal, help READ om mense soos sy 'n leesvermoë gee.

Doen dit nog vandag! Stuur jou tjek of laat ons jou kredietkaart debiteer. Pos net die koepoon aan: **READ, Posbus 47152, Parklands 2121.**

Of vind uit watter groot verskil jou maatskappy kan maak: **Bel (011) 339-5941.**

IR NR 01 100 129 0006



## EK SKENK GRAAG DIE GAWE VAN LEES

Hierby ingesluit is my skenking aan READ. (Merk asb.)

R100  R75  R50  R20  R10  Ander \_\_\_\_\_


Of debiteer asb. my geskenk op my kredietkaart nommer

Master/Visa/Ander \_\_\_\_\_ Vervaldatum \_\_\_\_\_

Handtekening \_\_\_\_\_

Naam \_\_\_\_\_

Adres \_\_\_\_\_

 Kode \_\_\_\_\_ Tel (H) \_\_\_\_\_ (B) \_\_\_\_\_

**READ** VANDAG KAN JY IEMAND DIE GAWE GEE OM TE KAN LEES. ONDERSTEUN READ. DOEN DIT NÓU.

Reklame goedgunstiglik geborg deur Ogilvy & Mather Direct en City Graphics (2003)